4. An explicit attempt to reformulate a role for petit bourgeois information workers and intellectuals (eg. journalists). Enzensberger is opposed to the (vanguardist) notion of the 'expert' who 'teaches' the masses (ie. imposes ideas). For him, the radical journalist has to act as an "agent of the masses" (1974:128) in such a fashion that his/her objective is to develop the media's democratic potentialities. For most petit bourgeois intellectuals this implies a de facto 'de-expertizing' of themselves. So if one is a leftist journalist aiming to 'empower' the masses, it necessarily implies 'dis-empowering' oneself.

Enzensberger wants to get away from the middle class perception (common amongst petit bourgeois journalists) that the middle classes 'know' what the subaltern groups 'want', and certainly know what is 'best for them' (ie. what

they should want!). He goes so far as to suggest that many leftist intellectuals carry the same fear of the masses as do their conservative colleagues. This is the reason for their vanguardist approach (Enzensberger, 1974:102, 110-111). Enzensberger's demand is that subaltern groups should be empowered so that they can speak for themselves. This notion coincides with Franz Fanon's (1968) conception of revolution as a mass *participative* action, rather than a petit bourgeois led insurrection. This notion also ties in well with Mattelart's work on 'popular' social organization, and complements the New Leftist notion of a popular hegemony where all groups and classes should be given a voice. Such a popular and empowering communication system fundamentally differs from the Leninist-vanguardist approach to leftist praxis.

5. A recognition of the need for collective organization as the basis for emancipation from domination. Enzensberger's real interest in the media springs from this concern. In other words, he recognizes the immense potential of the mass media (if used dialogically) to activate and empower the masses such that they can recognize their own potential for self-emancipation if they collectively organize themselves (Enzensberger, 1974:110). He also recognized the potential of the media for ending isolation (anomie) (Enzensberger, 1974:109). A leftist strategy using mass mobilization geared towards developing a mass participative media network offers much potential for the development of a real leftist democracy, an idea taken further by this author's

(Louw, 1991a) suggestion for the development in South Africa of Media Resource Centres.

The implications of applying Enzensberger to South Africa: democracy or anarchy

The practical results of applying Enzensbergain logic during the 1980s were clear to see: a successful popular uprising was produced. People were mobilized as ACTIVE PARTICIPANTS in mass based structures. This was empowering for those involved; a sense of involvement was created which left each individual actor feeling a sense of having participated in a process much larger than themselves. The South African popular struggle of the 1980s was remarkable for the degree to which participants in the mass struggles could and did feel they were involved in a democratic dialogue/action. The Mass Democratic Movement's (MDM) organizational/communication dynamics would no doubt have impressed Enzensberger as a working model of participative democracy as empowerment which produced tangible beneficial results for the Left. Yet were the longer term results as unambiguously successful?

It could be argued that South Africa during the 1990s has demonstrated some of the negative implications of applying Enzensberger-type logic. The mass participative structures developed by the MDM have proved somewhat anarchic during the 1990s which has, to some extent, weakened the Left's position. For the ANC inheriting the MDM's structures and their accompanying political culture has proved to be highly problematic. The ('Enzensbergian') belief held by the MDM/now- ANC's grassroots supporters in their *right* to mass participation in organizational decision-making has, to a considerable extent, produced a

left-wing organizational anarchy. Leadership becomes difficult, if not impossible when every leftist demands to be 'consulted' on every issue. Organizational communication breaks down under the weight of the demands of democracy. The result is at best organizational-inefficiency, at worst anarchy.

It might be argued that the South African case is unique because of the wasteland created by decades of Bantu Education which negatively impacted on the able skills-base needed to run organizationally-effective participative democratic structures. Enzensberger, after all, developed his ideas for application in a West European/North American context where left-wing structures would not face such a problem. Even if one accepts such an argument, the way the 'Enzensberger-type' of participative culture became 'problematic' in the 1990s perhaps serves as a salutary lesson that theories have practical, and often unintended (longer term) implications when applied to real situations. Ultimately then, the dynamics of South African leftist organization during the 1990s do seem to demonstrate the need for care in applying theories within contexts different to the one that those theories were developed in and for.

On the other hand, Enzensberger raises a number of key issues for anybody concerned with constructing democratic communication structures and practices. With the growing media-centricness of Information Age society, questions of participatory media and the accessibility of the media to all must surely be regarded as important concerns for communication studies. Whether one agrees with Enzensberger's political position or not, at the very least an engagement with his communicological ideas is called for.

FOOTNOTE

1. The hostility of the rightest 'guild press' to the Left does, of course, also play a significant part in the 'bad press' the Left receives in South Africa. However, this has served to become an excuse in leftist circles for not making any attempt to develop techniques to exploit whatever 'gaps' might exist in the 'mainstream media'. In addition the South African left generally has few activists able to deal with the media in a 'professional' manner. This has only served to further alienate 'guild press' journalists from the Left, and so has compounded the problem of a bad press.

REFERENCES

- Althusser, L. (1971) *Lenin, Philosophy & Other Essays*. London: New Left Books.
- Avineri, S. (1968) *The Social and Political Thought of Karl Marx*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Benjamin, W. (1973) *Illuminations*. Fontana/Collins.
- Bennett, T., Martin, G., Mercer, C. & Woollacott, J. (1981) *Culture, Ideology and Social Process*. London: Batsford Academic.
- Broadbent, L. (1988) Communication freedom in war-torn Nicaragua. *Media Development*, Vol XXXV.
- CECS. (n/d) *Making Media*. Cape Town: Cape Educational Computer Society.
- Chasin, B. & Chasin, G. (1974) *Power and Ideology. A Marxist Approach*. Cambridge, Mass: Schenkeran.
- Cruz, I.R. (1986) Revolutionary Symbols. *Media Development*, Vol XXXIII.

- Dionisio, E.R. (1986) Small Media, Big Victory. *Media Development*, Vol XXXIII.
- DMTG. (1990) *Durban Media Trainers Group Annual Report*. Durban: DMTG.
- Enzensberger, H.M. (1974) *The Consciousness Industry*. New York: Seabury Press.
- Fanon, F. (1968) *The Wretched of the Earth*. New York: Grove Press.
- Gorfinkel, E. (1989) Talking Newspapers: Audio Cassettes - An Appropriate Communications Medium. In Criticos, C. *Experiential Learning in Formal and Non-Formal Education*. Durban: MRC.
- Gramsci, A. (1971) *Selections from Prison Notebooks*. London: Lawrence & Wishart.
- Grassroots (1984) *We Speak for Ourselves. Book 2 Organizational Media*. Cape Town: Grassroots Collective.
- Grassroots (1984a) *We Speak for Ourselves. Book 4: Say it with Pictures*. Cape Town: Grassroots Collective.
- Grassroots (1986) *We Speak for Ourselves. Book 3: In Our Own Words*. Cape Town: Grassroots Collective.
- Gurevitch, M., Bennett, J., Curran, J. & Woollacott, J. (1983) *Culture, Society & the Media*. London: Methuen.
- Habermas, J. (1974) *The Public Sphere. New German Critique*, Fall.
- Habermas, J. (1976) *Legitimation Crisis*. London: Heinemann.
- Held, D. (1980) *Introduction to Critical Theory*. London: Hutchinson.
- Kim, K. (1988) South Korean protest movements discover new ways to communicate. *Media Development*, Vol XXXV.
- Lenin, V.I. (1929) *Collected Works*. London: Lawrence.
- Louw, P.E. (1982) *An Introduction to Habermas' Theory of Communica-*

tion with a tentative formulation of its value in the South African context. (Unpublished MA, University of South Africa, Pretoria).

Louw, P.E. (1989) The emergence of a progressive-alternative genre of media practice in South Africa with specific reference to *Grassroots. Communicatio*, Vol 15, No 2.

Louw, P.E. (1991) *Communication and Counter Hegemony in Contemporary South Africa: Considerations on a Leftist Media Theory and Practice*. (Unpublished PhD, University of Natal, Durban).

Louw, P.E. (1991a) Media, media education and the development of South Africa. *Screen*, Vol 32, No 4.

Mackay, A. & Louw, P.E. (1990) Moves to improve the training of anti-apartheid workers. *Media Development*, 1/90.

Mattelart, A. (1986) *Communicating in Popular Nicaragua*. New York: International General.

Mattelart, A. & Siegelau, S. (eds) (1983) *Communication and Class Struggle Vol 2*. New York/Bagnolet: IG/IMMRC.

Murphy, D. (1986) Church media play a vital role. *Media Development*. Vol XXXIII.

Naisbitt, J. (1984) *Megatrends*. London: MacDonal & Co.

Nigg, H. & Wade, G. (1980) *Community Media*. Zurich: Regenbogen Verlag.

Patel, L. (1985) How small media can organize communities. *Media Development*, 3/85.

Pinnock, D. (1989) Culture as Communication: the rise of the left-wing press in South Africa. *Race and Class*, Vol 31, No 2.

Tomaselli, K.G. (1986) Race, Class and the South African Progressive Press. *International Journal of Inter-cultural Relations*, Vol 10.

Tomaselli, K.G. (1986b) *A Contested Terrain: Struggle through Culture*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.

Tomaselli, K.G. & Louw, P.E. (1991) *The Alternative Press in South Africa*. London/Bellville: James Currey/Anthropos.

Tomaselli, & Louw, (1991) Disinformation and the South African Defence Force's Theory of War, *Social Justice*, Vol 18, Nos 1-2.


White, R.A. (1980) 'Communication popular': Language of Liberation. *Media Development*, Vol XXVII.

White, R.A. (1983) Community as an alternative to traditional broadcasting. *Media Development*, Vol XXX.

DIE SUID-AFRIKAANSE UITSAAIWESE – DIE MEDIUM DIKTEER DIE VERANDERING

Pieter Fourie
OPSOMMING

Besluite oor die toekoms van die uitsaaiewese in Suid-Afrika is nie maklik nie. Kyk 'n mens na wat in die buiteland gebeur blyk dit dat regerings deur 'n aantal faktore forseer word om deregulering en privatisering as 'n uitweg te aanvaar. Die faktore wat 'n herdefiniëring van openbare uitsaaikommunikasie afdwing is die onhaalbaarheid van objektiwiteit, ontwikkelinge op die gebied van die uitsaaitegnologie, die polimiese van televisie, professionalisering in die uitsaaiberoepe en die ontwikkeling van die demokrasie. Hierdie faktore, wat in 'n groot mate deur die uitsaaimedia self dikteer word, maak die aanvaarding van pluralisme as uitgangspunt in beleidsformulering, onafwendbaar. Dit beteken egter nie dat openbare uitsaaidienste soos mis voor die son verdwyn nie. Trouens, juis die bogenoemde faktore gee daartoe aanleiding dat openbare uitsaaidienste sterker na vore tree en beskerm moet word as opvoedkundige, kulturele en ontwikkelingsmedia. Slegs deur 'n gesonde balans tussen private en openbare uitsaaidienste te bewerkstellig, kan die besluitnemers oor die toekomstige Suid-Afrikaanse uitsaaiewese reg laat geskied aan die uitsaaiewese as handelsproduk, maar ook as 'n geestesproduk. Die huidige debat oor die Suid-Afrikaanse uitsaaiewese word teen die agtergrond van die bogenoemde geskets.



Prof Pieter Fourie is voorsitter van die Departement Kommunikasiekunde, UNISA.

1 INLEIDING

Die debat oor hoe die Suid-Afrikaanse uitsaaiewese in die toekoms moet lyk en oor wie en hoe dit beheer moet word, wou reeds 'n geruime tyd. Die aanstelling van die Viljoen-taakgroep oor die uitsaaiewese, die Taakgroep se aanbevelings, die ANC se mediahandves en die plasing van die media p[Kodesa se agenda het direkte aanleiding gegee tot 'n intensivering van die debat.

Dit wil voorkom asof 'n resultaat van die dbat, soos ooreengekom op Kodesa, die aanstelling van 'n onafhanklike regulerende liggaam bekend as die Suid-Afrikaanse Onafhanklike Telekommunikasiegesag of -kommissie sal wees. Die liggaam se take sal onder meer die volgende wees:

- Om te verseker dat 'n wye spektrum van streek- en gemeenskapsdienste deur die elektroniese media gelewer word;
- Om vrye en doeltreffende mededinging moontlike te maak;
- Om norme en standaarde te bepaal vir regverdiger en groter toegang tot uitsaaidienste en ligtyd vir politieke partye;
- Om riglyne vir die onpartydigheid van programme oor nuus en aktualiteit neer te lê; en
- Om aandag te gee aan klagtes wat die publiek en die politieke partye het oor die optrede van openbare uitsaaiers.

Die doel van hierdie artikel is om:

- (i) die aspekte van die huidige debat wat tot die bogenoemde ontwikkeling aanleiding gegee het, oorsigtelik en vir dokumentêre doeleindes te skets, en
- (ii) om daarna aan te toon hoe 'n aantal faktore, waar onder die problematiek van objektiwiteit, 'n "nuwe orde" in die uitsaaiwese tot stand gebring het wat deregulering en privatisering, naas die voortbestaan van openbare uitsaai kommunikasie, onafwendbaar maak.

2 DIE DEBAT OOR DIE UITSAAIWES

Die vernaamste deelnemers aan die huidige debat, om enkeles uit te sonder, is die regerende Nasionale Party, die African National Congress (ANC), die Demokratiese Party, die Campaign for Open Media (COM), die Film Allied and Workers Organisation (FAWO), uitsaaiers self, en 'n aantal individue. Die Regering het reeds die Viljoen-taakgroep se aanbevelings ontvang (1991), die ANC het vroeg in Januarie 1992 sy mediahandves bekend gemaak en 'n aantal kongresse en seminare (selfs in Nederland) is deur COM

en FAWO gehou, waar verskeie voorstelle, resolusies en vertoë geformuleer is.

2.1 Viljoenaanbevelings

In sy verslag doen die Viljoen-taakgroep aanbevelings oor uitsaaitegnologie, finansiering, plaaslike programinhoud, opvoedkundige uitsaaidienste en -moontlikhede, maatreëls om monopolisering te bekamp, die toelating van nuwe uitsaaiers en die instelling van 'n uitsaaihof. (Vgl Viljoen 1991 – die Verslag van die Taakgroep op die Uitsaaiwese in Suid- en Suider-Afrika – vir 'n bespreking van die aanbevelings.)

Die belangrikste is die Taakgroep se aanbevelings oor die instelling, samestelling en funksies van 'n onafhanklike uitsaai-beheerliggaam wat sentraal is tot al die ander aanbevelings. Hierdie liggaam sal verantwoordelik wees vir die uitreiking van uitsaai lisensies en toesig oor uitsaai standarde. Die Taakgroep voorsien dat alle uitsaaiers wat van Suid-Afrikaanse bodem af uitsaai onder die jurisdiksie van hierdie liggaam sal wees. Die liggaam sal geskoei wees op die lees van die Britse Independent Broadcasting Authority en die Amerikaanse Federal Communications Commission.

Die Taakgroep stel dit pertinent dat só 'n regulerende liggaam slegs behoorlik kan funksioneer binne die konteks van 'n Suid-Afrikaanse grondwet wat die vryheid van spraak waarborg. Teen die agtergrond van hierdie demokratiese ideaal hoop die Taakgroep om onder meer die volgende met sy aanbevelings te bereik:

- * groter toegang vir meer mense tot die uitsaaiwese waar onder die vermeerdering van die getal stemme wat gehoor word
- * die aanmoediging van mededinging in die uitsaai bedryf

- * 'n uitsaaidiens wat vry is van politieke beheer en beïnvloeding.

2.2 Die ANC se standpunt

In sy publikasie *Towards a Media Charter* (ANC 23 – 24 November 1991), erken die ANC die beginsel van pluriformiteit in massakommunikasie met sy opvatting dat:

The Basic principle around which a Media Charter should resolve is the maximum openness within the context of a democratic constitution and Bill of Rights,

en dat

At the core of democracy lies the recognition of the right of all citizens to take part in society's decision-making process. This requires that individuals are armed with the necessary information and have access to contesting options to make informed choices. An ignorant society can not be democratic.

Die argument is dan dat Suid-Afrika tot nou toe 'n geslote samelewing is met 'n magdom beperkings op die vloei van inligting. Hierdie beperkings op inligting word nie alleen deur wetgewing (vgl. Wentzel 1992 vir 'n bespreking van berekende wette en maatreëls) afdwing nie. Die struktuur van media-eienaarskap (monopolieë in die Suid-Afrikaanse media), die gebrek aan mediavaardighede by die grootste deel van die Suid-Afrikaanse bevolking, die huidige taalbeleid, en die feit dat die grootste deel van die Suid-Afrikaanse bevolking maatskaplike voorregte ontnem is/word, dra alles by tot 'n gebrekkige vloei van inligting en onbetrokkenheid by die beskikbaarstelling van en deelname aan inligtingsprosesse.

Om die situasie reg te stel, stel die ANC sekere maatreëls in verband met

die demokratisering van die media, die funksie van openbare media (in besonder van die openbare uitsaaidiens onder beheer van die staat), mediawerkers, opleiding en beheerstrukture, voor. In die breë staan die soorstelle in die teken van die volgende regte en vryhede:

1. All the people shall have the right to freely publish, broadcast and otherwise disseminate information and opinion, and shall have the right of free access to information and opinion.
2. All institutional and legislative measures which restrict the free flow of information or which impose censorship over the media and other information agencies shall be prohibited.
3. All people shall have the right of access to information held or collected by the state or other social institutions subject to any limitations provided for in the Constitution and Bill of Rights.

Veral die Suid-Afrikaanse Uitsaai korporasie (SAUK) kom onder die skoot as 'n propaganda-instrument van die regerende Nasionale Party en word daarvan beskuldig dat dit

- nie sy funksies as openbare omroep in diens van al Suid-Afrika se mense vervul nie
- nie objektief in sy beriggewing is nie en dat sodanige subjektiwiteit in die weg staan van die demokratiseringsproses in Suid-Afrika
- die SAUK se pogings tot herstrukturering gelyk is aan privatisering terwyl die SAUK juis openbare besit is wat nie geprivatiseer mag word nie. Dieselfde geld vir die sogenaamde "onafhanklike" uitsaaidienste in die sogenaamde TBV-state.

'n Prominente grief is dat die Viljoen Taakgroep ondemokraties aangewys

en saamgestel is, onverteengewordigend was en in die geheim opgetree het. Die Taakgroep verteenwoordig volgens die kritici die belange van 'n bevoorregte minderheid en het nie die openbare debat wat in die demokratiese beweging oor die toekomst van die uitsaaiwese gevoer word, in ag geneem nie.

Teen die agtergrond van hierdie kritiek stel die ANC die volgende voor:

- Dat die beheer oor en regulering van die uitsaaiwese as 'n nasionale prioriteit erken word en op die agenda van die toe voorgestelde veelpartykongres, vandag Kodesa, geplaas word.
- Dat Kodesa 'n kommissie van ondersoek aanwys wat 'n openbare opname maak, openbare voorleggings ontvang en wat binne drie maande voorstelle aan die hand doen oor die de-regulering van die uitsaaiwese in die tussentydse periode.
- Dat Kodesa 'n Interim Broadcasting Consultative Committee (IBCC) aanwys. Hierdie liggaam moet verantwoordelikheid neem vir die beheer en regulering van die uitsaaiwese in die tussentydse periode met die volgende take:
 - ✘ die oornome van die beheer van die SAUK in die tussentydse periode deur
 - die aanwysings van 'n verteenwoordigende SAUK Beheerraad
 - die daarstelling van riglyne vir objektiwiteit, veral in nuus en aktualiteitsprogramme
 - opdrag aan die nuwe SAUK beheerraad om die huidige personeel en bestuur van die SAUK in herooring te neem

- ✘ die opstel van riglyne vir objektiwiteit in alle kommersiële en godsdienstige uitsendings
- ✘ om op te tree in terme van die Kommissie van Onderzoek se bevindings en voorstelle oor de-regulasie in die tussentydse periode
- ✘ om rassistiese, seksistiese en etnies verdelende praktyke in die uitsaai-omgewing uit te skakel
- ✘ om ondersoek in te stel en te onderhandel met die TBVC uitsaai-dienste met die oog daarop om ook dié dienste onder die kontrole van die IBCC te plaas
- ✘ om 'n ombudspersoon aan te wys wat sal toesig hou oor onpartydigheid.
- Dat 'n onafhanklike Broadcasting Monitoring Group (IBMG) opgerig word wat veral nuus en aktualiteitsprogramme van die SAUK en die onafhanklike uitsenders in die tussentydse periode monitor
- Dat 'n omvattende veldtog ontwikkel word wat
 - * die privatisering van die SAUK en die TBVC uitsaaiers teëstaan
 - * wat die eensydige herstrukturering of deregulering van die uitsaaiwese deur die regerende Nasionale Party teëstaan
 - * wat aandring op die vrye, billike en onpartydige vloei van informasie in die uitsaaimedia, en
 - * wat die luggolwe bevry.

Besware, voorstelle en resolusies oor en vir die radio, die pers, die rolprentbedryf, en in die besonder die gebruik van hierdie media en televisie vir opvoedkundige doeleindes, word ook in die ANC-handves wat tydens die kongres *Free, Fair and Open. South Afri-*

can media in the Transition to Democracy (Universiteit van Wes-Kaapland, 31 Januarie to 2 Februarie 1992) ter tafel was, bespreek. In die ANC media-handves word 'n pleidooi gelewer vir die oprigting van 'n eie koerant vir die "demokratiese magte" en onafhanklike strukture om die gedrukte media in die oorgangstyd dop te hou. Oor die radio meot daar aan alle partye op gereelde grondslag gelyke en genoeg lugtyd gegee word. Verder meot die ontwikkeling van radiostasies wat gemeenskappe bedien, ondersteun word. Op ander aanbevelings oor die gedrukte media, radio en rolprent word daar nie hier ingegaan nie.

Intussen, en soos reeds genoem, het Kodesa in Mei 1992 die instelling van 'n onafhanklike regulerende liggaam aanvaar. (Vgl Inleiding.)

3 'N "NUWE ORDE" IN DIE UITSAAIWESE

Kyk 'n mens verby die besware en verwyte (vgl ook Vrye Weekblad, *State of the Nation*, Herfs 1992) en sluit 'n mens vir eers jou oë vir semantiese kwessies en die juridiese gevolge wat daaruit kan voortspruit, staan die voorstelle en ideale van die verskillende belangegroep, hoewel teen die agtergrond van eie politieke en ekonomiese ideologieë, in die teken van die erkenning van spraak- en meningsvryheid en die skep en belang van pluriformiteit in die uitsaaiwese (die vrymaking en beskikbaarstelling van die luggolwe). Hiermee is Suid-Afrika in lyn met internasionale uitsaai-ontwikkelinge.

Twee sake verdien egter verdere aandag:

- (i) die monitor van die uitsaaiwese vir objektiwiteit/onpartydigheid, en
- (ii) die kwessie rondom 'n openbare uitsaaidiens.

Oor eersgenoemde moet gewaarsku word dat objektiwiteit vir solank as wat *mense* die uitsaaiwese beman en vir

solank as wat die uitsaaiwese die bedoeling het om sy kommunikasie tot denkende en vertolkende *mense* te rig, wesentlik onhaalbaar is – hoogstens 'n nastrewenswaardige ideaal. Juis hierdie feit is een van die oorsake waarom demokratiese regerings dwarsoor die wêreld besig is om af te sien van monopolisering in die uitsaaiwese ter wille van diversiteit, of dan die skep van pluralisme wat dit moontlik maak om 'n verskeidenheid menings, beskouings en opvattinge deur die uitsaaimedia beskikbaar te stel.

Juis om die probleem van eensydigheid te oorbrug word internasionale veranderinge in die uitsaaiwese geken aan 'n grondige herbesinning oor en herdefiniëring van die begrip "openbare uitsaaidiens", en 'n aanvaarding daarvan dat openbare uitsaaidienste in hul tradisionele vorm, die sogenaamde "ou orde", nie meer werk nie.

Hierdie herdefiniëring word ingegee deur 'n aantal faktore soos ontwikkelinge op die gebied van die uitsaaitegnologie, die polisemiese aard van televisie, professionalisering van die uitsaaiberoep en die ontwikkeling van die demokrasie wat opsigself tot 'n groot mate die resultaat van die drie voorafgaande faktore is.

Wat ookal die uitkoms van die gesprek en besluite oor die Suid-Afrikaanse uitsaaiwese mag wees, hoop 'n mens dat

- (i) die stelsel van 'n openbare uitsaaidiens in sy "ou" vorm nie behou sal word nie – dit lei tot 'n miskennis van bestaande maatskaplike, politieke en kulturele pluriteite in die samelewing en die staat se monopolisering van die uitsaaiwese vir politieke gewin, en
- (ii) dat privatisering wat uitloop op monopolisering deur media- en handelskonglomerate eweneens verhoed sal word – dit lei tot 'n beklemtoning van die uitsaaiwese

as 'n handelsproduk ten koste daarvan as 'n geestes en kultuur-
produk.

In die res van die artikel word hierdie twee punte teen die agtergrond van 'n beknopte bespreking van die problematiek van objektiwiteit in die uitsaaiwese, die begrip "openbare uitsaaidiens" en die faktore wat aanleiding gee tot 'n herbesinning oor openbare uitsaai-kommunikasie, gemotiveer.

3.1 **Objektiwiteit in die uitsaaimedia**

Uit navorsing oor nuus en objektiwiteit blyk dit dat nuus en nuuswaardes (dit wil sê die perspektief van waaruit nuus geskeur en aangebied word) ideologies gegrond is en nie losgemaak kan word van die ideologie van die kultuur en samelewing waarin die nuus-media/uitsaaidiens funksioneer nie – selfs al word dit streng gemonitor. Juis op grond van die fenomenologiese aard van nuus en joernalistieke praktyke is objektiwiteit moeilik haalbaar.

Die keuse en verheffing van iets tot nuus voorveronderstel 'n proses wat weer 'n transformasie van rou materiaal in 'n produk impliseer – 'n transformasie wat teweeggebring word deur 'n spesifieke soort arbeid. Ten einde aan 'n ideologie (wat byvoorbeeld deur 'n nuusredaksie onderskryf word) uitdrukking te gee, word 'n akuele gebeurtenis en die betekenis van die gebeurtenis met behulp van taal en beeldmanipulasie (kodes) in en deur die media geproduseer. Die betekenis van die gebeurtenis ondergaan dus in die proses van nuusproduksie, 'n transformasie. 'n Transformasie waarin daar op 'n spesifieke manier met bepaalde joernalistieke kodes, te wete objektiwiteit, onpartydigheid en ewewigtigheid omgegaan word (vgl. Van den Berg en Van der Veer, 1986; Gans 1980:298).

Objektiwiteit sou 'n mens kon sê het betrekking op die onderskeid tussen feite en kommentaar – geen subjektiewe nie, maar informatiewe joernalistiek – die aan die orde stel van alle "relevante" feite en die waarheidsgetrouheid van die feite. Onpartydigheid het betrekking op die aan die woord stel van alle relevante partye wat betrokke is by die nuusfeite. Ewewigtigheid het betrekking op die weergawe van alle "relevante" visies op die betreffende nuusfeite.

Die beland wat in die joernalistiek praktyk aan hierdie kodes gegee word, korrespondeer met die noodsaaklikheid vir joernaliste om hul posisie as "bestuurders van die simboliese arena" (vgl. Gans op.cit.) nie met die posisies van diegene wat in die arena deelneem te vermeng nie – dit is byvoorbeeld die politici, meningsvormers en ander akteurs. Sodra 'n dergelike vermenging die uitgangspunt van joernalistieke beleid word, verander die medium in 'n suiwer propaganda-instrument.

Maar hierdie kodes is geensins neutrale kodes nie en die handhawing en nastrewing van hierdie kodes impliseer hoegenaamd nie dat die media 'n passiewe rol as 'n sogenaamde venster op die wêreld speel en kan speel nie, en/of dat joernaliste 'n ideologiese neutrale rol speel nie. Hierdie kodes word eers geoperasionaliseer sodra dit van toepassing gemaak word op die keuse en besluite oor wat "relevant" is al dan nie. Hierdie keuse geskied vanuit en word gerig deur 'n bepaalde onderliggende ideologie, en vanuit die perspektief van die kritiese mediateorie in nastrewing van valse konsensus.

Om die kodes te legitimeer beroep joernaliste hulle dan gewoonlik op hul sogenaamde publiek, of die publiek waartoe en waarop die medium dit rig. Anders gestel: die keuse van wat akueel is al dan nie, en die ideologiese

raamwerk van waaruit hierdie aktualiteit aangebied moet word, geskied op grond van dit wat vir die betreffende publieksgroep tot wie die media of 'n medium dit rig, relevant sou wees al dan nie. Is dit wat ek gaan aanbied relevant vir die publiek tot wie ek my rig? Nog steeds bly dit 'n subjektiewe keuse, maar wat in die joernalistiek, desnieteenstaande regverdig/verskoon word met die beskouing en opvatting dat joernaliste die *vox populi* – die stem en verteenwoordigers van die publiek is, en in die belang van die publiek optree.

Van den Berg en Van der Veer (1986: 12-15) wys daarop dat hierdie sogenaamde verteenwoordiging egter nie 'n reële verteenwoordiging is nie, maar in die verbeelding van die "media-eienaars" (wat in die geval van openbare uitsaaidienste gewoonlik die regering van die dag is – al word dit ontken) en die joernaliste wat vir hulle werk, asook diegene wat sogenaamd vertrou word om as "big brother" nuus in nuuskantore te monitor en oor die sogenaamde objektiwiteit van die nuus te waak, bestaan.

Media-eienaars, hekwagters in nuuskantore, joernaliste en programmakers kan nie, slegs al sou hulle wou, funksioneer op die basis van die werklike belange van die publiek nie, maar op die beeld wat hulle van die publiek se belange het. In feite word 'n bepaalde ideologiese voorstelling van wat in die publiek se belang is, gevorm. M.a.w. mediamense gaan by die seleksie en strukturering van nuus en in hul besluite oor wat objektief is al dan nie, uit van 'n voorveronderstelling oor wat die konsensus oor bepaalde maatskaplike en politieke kwessies in die samelewing is, en of behoort te wees. Die kodes objektiwiteit, onpartydigheid en ewewigtigheid word dan aangepas by die mediamense se beeld of opvatting

van wat die heersende konsensus behoort te wees.

Die gevaar is dat daar in hierdie proses nie rekening gehou word met die feit dat daar in enige samelewing mense en groepe met verskillende waardes en (politieke) ideale is nie. Diegene wat nie die gepropageerde waardes handhaaf of nastreef nie, kan nie bloot as buitestaanders en/of as wetteloos afgemaak en/of weggewens word nie.

Hul waardes en ideale is maatskaplik gefundeer en geregverdig. Die sogenaamde buitestaandergroep word ook nie so maklik, as wat aanvanklik in die funksioneel-positivistiese benaderings tot mediakommunikasie gedink is, by gepropageerde menings/ideale ensovoorts, geïnkorporeer nie.

Daarom is dit belangrik dat die media, in die besonder die uitsaaiwese, ter wille van die behoud van sy geloofwaardigheid, met die bostaande rekening hou, en in die besonder met die reikwydte, intensiteit, openheid en die inhoud van bestaande konsensus(se) oor 'n aangeleentheid in die samelewing – kortom met die feit dat objektiwiteit iets in die samelewing – kortom met die feit dat objektiwiteit iets in die "eye of the beholder is" (vgl. Van der Berg en Van der Veer op.cit.)

Sou die media nie hiermee rekening hou nie, verloor hy sy geloofwaardigheid – 'n toestand wat volgens die kritiese mediateorie in 'n toenemende mate die geval met openbare uitsaaidienste in monopolistiese stelsels is. *Juis dit en die onhaalbaarheid van objektiwiteit – veral dan in monopolistiese uitsaaidienste – noop demokratiese regerings om te herbesin oor hul openbare uitsaaidienste en oor te gaan tot die skep van pluralisme in die uitsaaiwese juis ter wille van die deurgang van 'n diversiteit van inligting en menings in 'n poging om die proble-*

matiek van die onhaalbaarheid van objektiwiteit te omseil.

Oor hierdie herbesinning en die faktore wat benewens die problematiek van objektiwiteit daartoe aanleiding gegee het, word in die volgende punt gehandel.

3.2 Die openbare uitsaaiwese

Dit word algemeen aanvaar dat die Britse uitsaaiwese as 'n model gedien het vir oprigting en funksionering van openbare uitsaaidienste in die meeste Westerse lande, ook in Suid-Afrika.

Aanvanklik was die Britse regering se bemoeienis met die uitsaaiwese afgeset op internasionale en nasionale onderhandeling oor die beskikbaarstelling en benutting van uitsaai- en verspreidingswensies en die finansiering van die uitsaaiwese. Dit is grootliks gesien as 'n taak van die poswese. In soverre dit finansiering aangaan was die Britse uitweg die oprigting van 'n enkele nasionale diens, die British Broadcasting Company in 1920, gelisensieer deur die poskantoor, gefinansier deur luisteraarslisensies en met as eerste besturende direkteur Sir John Reith.

Dit was egter nie lank voor die mag van die uitsaaiwese om die openbare mening te vorm en te lei, en daarom die waarde daarvan as 'n politieke instrument, besef is nie. reeds in 1923 is 'n kommissie onder voorsitterskap van Sir Frederick Sykes in die lewe geroep om alle aspekte van die uitsaaiwese te ondersoek. Die bevinding was dat die uitsaaiwese 'n "public utility" is wat in diens van die publiek en die openbare belang aangewend moet word (vgl. Scannell 1990: 12). Hierdie beskouing het aanleiding gegee tot die oprigting van die Crawford Komitee in 1925 wat riglyne moes formuleer vir die toekomst van die Britse uitsaaiwese op die langtermyn. Dié komitee het hom grootliks beroep op die idees van Reith en sy sogenaamde "uitsaaimanifesto". Hier-

die "manifesto" word histories gesien as die filosofie wat die aard van die openbare uitsaaiwese onderlê. Die resultaat was die omskepping van die British Broadcasting Company in die British Broadcasting Corporation in 1927 met Reith as die eerste direkteur-generaal. Die rol wat Reith in die totstandkoming van en die aanvanklike beleid van die SAUK gespeel het is bekend en word nie hier herhaal nie (vgl. Rosenthal 1974:150-159).

Wat die dienslewering wat Sykes en Crawford voorsien het sou behels, en wat in die openbare belang sou wees, is grootliks deur Reith bepaal.

Reith se opvatting is gekenmerk aan pleidooie vir die behoud van hoë programstandaarde, die aanwending van radio vir kulturele opvoeding, die verspreiding van kennis en 'n opheffing van die publiek se smaak.

The service must not be used for the entertainment purposes alone. Broadcasting had a responsibility to bring into the greatest possible numbers of homes in the fullest degree all that was best in every department of human knowledge, endeavor, and achievement. The preservation of a high moral tone – the avoidance of the vulgar and the hurtful – was of paramount importance. Broadcasting should give a lead to public taste rather than pander to it. He who prides himself on giving what he thinks the public wants is often creating a fictitious demand for lower standards which he himself will then satisfy. (Reith in Scannell 1990:13).

Op opvoedkundige, maatskaplike en politieke terrein het hy die uitsaaiwese gesien as 'n magtige instrument vir die skep van maatskaplike eenheid, konsensus en 'n ingeligte en redelike

openbare uitsaaiwese gesien as 'n kulturele, morele en opvoedkundige instrument vir die verspreiding van kennis, die opheffing smaak en die verbetering van gedrag.

Hierdie beskouing word vandag in 'n toenemende mate as Victoriaans en as synde in die teken van Victoriaanse opvatting oor dienslewering, bestempel (vgl. Scannell 1990: 15-29). Laasgenoemde word kortliks verduidelik.

Die laat 19de eeu was 'n tydperk geken aan dramatiese hervormings op onder meer die onderwysgebied deur onder andere die destydse skoolinspekteur en elitistiese kultuurfilosoof, Matthew Arnold. Hy het kultuur bestempel as "the best that has been thought and written in the world" (Williams 1961:124) – hier erg opgesom, maar nietemin ook die basis van Reith se kultuurbeskouing – en het hom daarvoor beywer dat dit as vertrekpunt in die nasionale onderwysbeleid, moes dien. Slegs met dit as vertrekpunt sou die staat daarin kon slaag om die werkersklasse (as 'n diens aan hulle) moreel, politiek en kultureel op te hef.

Met die koms van radio moes die uitsaaiwese hieraan meewerk. Soos Arnold die onderwys gesien het, het Reith die uitsaaiwese as 'n soort maatskaplike beton beskou. Vandag word Arnold se onderwys-hervormings, in weerwil van die lofwaardige aspekte daarvan, gesien as 'n doelbewuste poging om die werkersklas te manipuleer. Omdat die latere doelstellings van openbare uitsaai-kommunikasie so nou aangesluit het by die van die Victoriaanse onderwys-hervormings kan hierdie kritiek teen openbare uitsaai-kommunikasie beskou word, naamlik, die gebruik van die uitsaaiwese vir die behoud van 'n politieke, maatskaplike en/of ekonomiese status quo.

Om in sy uitsaaidoelstellings te kon slaag was Reith 'n voorstander van 'n

monopolistiese en nie-kommerciële uitsaaidiens onder die kontrole van die staat. Dit het dan ook aanleiding gegee tot die BBC se jarelange monopolie in die Britse uitsaaiwese.

Hoewel daar lof bestaan vir programstandaarde en die kulturele opheffingswerk van die BBC onder Reith se bewind, is die monopolistiese aard van die korporasie, en daarmee saam bedenkinge oor die korporasie se objektiwiteit, vanuit die staanspoor gekritiseer en was dit by herhaling die onderwerp van ondersoekkommissies (vgl. o.m. fir Beveridge Committee (1950), die Pilkington Committee (1960) die Anna Committee (1977) endie Peacock Committee (1985), ens.) Die selfde soort verwickelinge speel dit ook af in onder meer Frankryk, Nederland en die Skandinawiese lande (vgl. Carlsson 1991), en is ook in Suid-Afrika op die tafel.

Maar, in weerwil van die talle ondersoekkommissies word owerhede keer-op-keer met dieselfde vraag en kritiek gekonfronteer: wat is die rol van openbare uitsaaidienste in tye van politieke verkeisings en nasionale krisisse en wie se belang word dan gedien – die belang van die owerheid of die van die publiek? Die kritiek, soos teen die destydse Victoriaanse onderwys-hervormings, is (i) dat regerings en openbare uitsaai-instansies onder die dekmantel van openbare dienslewering die handhaaf van 'n maatskaplike en politieke status quo bevoordeel, en (ii) dat openbare uitsaaidienste nie daadwerklik meewerk aan die verandering van 'n politieke magsbalans nie.

Deur die loop van die jare het hierdie kritiek die een na die ander regering genoep om beskouings oor die aard en taak van die openbare uitsaaiwese opneue onder die loop te neem en te erken dat die "ou orde" van monopolistiese openbare uitsaaidienste onder die beheer van die staat nie 'n an-

twoord bied nie, uitgedien is en met 'n "nuwe orde" vervang moet word. In die "nuwe orde", soos wat dit wêreldwys posvat, staan openbare uitsaaidienste in direkte kompetisie mededinging met die totstandkoming van kommersiële en private dienste (vgl McQuail 1990).

3.3 Faktore wat die "nuwe orde" bewerkstellig

Hierdie "nuwe orde" word, benewens die problematiek van objektiwiteit, bewerkstellig deur faktore soos:

- (i) ontwikkelinge op die gebied van die uitsaaitegnologie,
- (ii) daarmee saam die polisemiese aard van televisie wat Reith se ideaal (met radio) om konsensus in 'n samelewing te bereik onhaalbaar maak,
- (iii) professionalisering in die uitsaaiwese, en
- (iv) ontwikkelinge in die demokrasie wat dit vir owerhede onmoontlik maak om langer bestaande maatskaplike, ekonomiese en politieke pluriformiteite in 'n samelewing te ontken,

Uitsaaitegnologie

Ontwikkelinge op die gebied van die uitsaaitegnologie, die beskikbaarstelling van programme op die internasionale mark, internasionale nuusnetwerke en die invloed daarvan op die verspreiding van inligting en satellietkommunikasie, asook kapitalistiese ontwikkelinge wat privatisering op die lange duur onafwendbaar maak, maak dit vir uitsaaiers so te sê onmoontlik om met eensydige boodskappe Reith se konsensusideaal na te streef.

Selfs in monopolistiese stelsels kan uitsaaiers nie ander as om meerduidige betekenis die wêreld in te stuur nie. Veral finansiële oorwegings dwing lande, selfs daar waar streng beheer

oor die uitsaaiwese nog bestaan, om programme en inligting op die op die internasionale mark aan te koop en uit te saai. gevolglik word kykers blootgestel aan uiteenlopende kulturele en ideologiese opvattinge wat nie noodwendig strook met die politieke, maatskaplike en kulturele ideale wat regerings sou propageer of die konsensus wat hulle hieroor sou wou bereik nie.

Die polisemiese aard van televisie

Hierdie meerduidigheid van betekenis is inherent aan die televisie-medium (die polisemiese aard van televisie) en in die verskeidenheid van sy programaanbod. In 'n enkele program, of dit nuus, 'n dokumentêre program, 'n rolprent of 'n seepkisopera is, word die kyker, met 'n verskeidenheid in dikwels konflikerende kulturele en ideologiese beskouings en morele waardes in aanraking gebring. Die kyker verstaan, meet en vergelyk (selfs op 'n onbewuste valk) hierdie programinhoud en die betekenis daarvan teen die agtergrond van (en met) sy eie maatskaplike, politieke en kulturele omstandighede en kom tot nuwe insig oor sy eie omstandighede.

Professionalisering

Meer nog, teen die agtergrond van professionalisering van die uitsaai-beroepe kom die uitsaaiers self in 'n toenemende mate in opstand teen owerhede se besluitneming wat hul taakverrigting raak en wat afgestem is op ideologiese manipulasie ter wille van die behoud van die beheer oor die uitsaaiwese as 'n magtige propaganda-instrument.

Kortom, al hierdie ontwikkelinge het bestand gegee aan Mchluhan se "global village" en daarmee die kans op isolasie, op watter gebied ook al, verdedel, wat dit weer vir totalitêre en outokratiese owerhede so te sê onmoontlik maak om die ontwikkeling van die demokrasie te stuit (vgl bv Lull 1991).

Demokrasie en pluralisme

Die voorafgaande tesame met die publiek se toenemende bewuswording van spraak- en meningsvryheid (juis as gevolg van die media en in die besonder die uitsaaimedia as die magtigste massakommunikasiemedia van ons tyd), plaas werklike demokrasiese owerhede onder 'n toenemende druk om pluriformiteit en daarmee saam deregulering en privatisering as 'n uitweg te aanvaar. Dit is 'n noodwendige uitweg wat deur die medium self dikteer word. Hiermee word vir die eerste keer in die geskiedenis van die uitsaaiwese erkenning gegee aan bestaande maatskaplike, politieke en kulturele pluriformiteite in samelewings. Met inagneming van tegniese en ekonomiese haalbaarheid word daar dan ook gepoog om hierdie pluriformiteite in 'n verskeidenheid programme en dienste te weerspieël en word vir uiteenlopende kulturele, politieke en maatskaplike groepe en smaakkulture voorsiening gemaak – net soos in die gedrukte media.

4 TEN SLOTTE

Hierdie uitweg is egter nie sonder gevaar nie. Deregulering en privatisering kan maklik aanleiding gee tot die ontstaan van media- en handelskonglomerate wat net soos staatsmonopolieë 'n bedreiging vir spraak- en meningsvryheid inhou. Op die lange duur word inligting en vermaak deur kommersiële magkonsentrasies beheer by wie 'n winsmotief en hul eie (kapitalistiese) ideologiese oorwegings voorop staan. Die enigste maatstaf word populariteit met 'n waarskynlike verlaging van programstandaarde en manipulerings van inligting teen die agtergrond van oorwegende kapitalistiese nuuswaardes.

Juis om die rede sal openbare uitsaaidienste nooit volkome van die toneel af verdwyn nie. Trouens in 'n vryemarkgewing sal toegesien moet word dat openbare uitsaaidienste juis sterker na vore tree en beskerm moet word as

opvoedkundige, kulturele en ontwikkelingsmedia – nie net omdat dit die oorspronklike doel daarmee was nie, maar veral ook om 'n buffer te vorm teen buitelandse media-imperialisme en die gevare wat dit vir 'n samelewing kan inhou.

Juis ook om dié rede kan die uitsaaiwese nooit volkome vry van een of ander vorm van beheer wees nie. Dit gaan immers nie net om 'n handelssprodukt nie, maar ook om die uitsaaiwese as 'n geestesprodukt waarin en waardeur 'n samelewing se karakter – sy gees, denke, ideologie en ideale – simboliese vergestaltting kry.

Die uitdaging wat dus vir die besluitnemers oor Suid-Afrika se uitsaaiwese voor die deur lê, is dus om 'n gesonde balans te handhaaf tussen uitsaai-kommunikasie as 'n handelsprodukt en as 'n geestesprodukt.

BIBLIOGRAFIE

- African National Congress. 1991. *Resolutions adopted at the DIP Media Seminar, 23 – 24 November 1991*. In *Papers, recommendations & resolutions Part 1, 'Free, Fair and Open' Conference on The South African Media in Transition to Democracy*, 31 January – 2 February 1992, University of the Western Cape.
- Annan Committee, *Report of the Committee on the Future of Broadcasting* (Annan Report), Cmnd. 6753, London: HMSO, 1977.
- Beveridge Committee, *Report of the Broadcasting Committee* (Beveridge Report), Cmnd. 8116, London: HMSO, 1951.
- Carlsson, U. (Red.) 1991. *Media in transition. Studies of Denmark, Norway, Sweden and Finland*. In *The Nordicom Review of Nordic Mass Communication Research*. No. 2, 1991.
- Crawford Committee, *Report of the Broadcasting Committee* (Crawford

- Report), Cmnd. 2599, London: HMSO, 1925.
- Gans, H. 1980. *Deciding what's news*. New York: MacMillan.
- Lull, J. 1991. *China turned on. Televisions, reform and resistance*. London: Routledge.
- McQuail, D. (et.al.) 1990. *Caging the beast: constructing a framework for the analysis of media change in Western Europe*. In *European Journal of Communication* Vol 15 NO. 2-3 (June) 1990.
- Peacock Committee, *Report of the Committee on Financing the BBC* (Peacock Report), Cmnd. 9284, London: HMSO, 1986.
- Pilkington Committee, *Report of the Broadcasting Committee* (Pilkington Report), CMND, 1753, London: HMSO, 1960.
- Rosenthal, E. 1974. *You have been listening...the early history of radio in South Africa*. Cape Town: Purnell.
- Scannell, P. 1990. *Public service broadcasting: the history of a concept*. In Goodwin, A, & Whannel, G. 1990. *Understanding television*. London: Routledge.

- Sykes Committee, *Broadcasting Committee Report* (Sykes report), Cmnd. 1951, London: HMSO, 1923.
- Van Cuienburg J. & McQuail, D. 1982. *Media en pluriformiteit. Een beoordeling van de stand van zaken*. 's-Gravenhage: Staatsuitgeverij.
- Van den Berg, H. & Van der Veer K. 1986. *Ideologie en massamedia*. Amsterdam: VU Uitgeverij.
- Viljoen, C. 1991. *Verslag van die taakgroep op die Uitsaaiwese in Suiden Suider-Afrika*. Pretoria: Staatsdrukker.
- Vrye Weekblad & Sowetan. 1992. *Quarterly State of the Nation: The Media and the Future*. Newtown: Vrye Weekblad.
- Wentzel, W. 1992. *Legal considerations for a free media in the transitional period*. In: *Papers, recommendations & resolutions Part 1, 'Free, Fair and Open'*, Conference on The South African Media in Transition to Democracy, 31 January – 2 February 1992, University of the Western Cape.
- Williams, R. 1961. *Culture and society*. Harmondsworth: Penquin.

SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID AS INTEGRERENDE DEEL VAN OPENBARE SKAKELWERK IN DIE NYWERHEIDSEKTOR AAN DIE OOR-RAND

Anna-Marie Roux
Sonja Verwey

ABSTRACT

Today social responsibility or accountability has developed into an important issue for many companies and industries. A shift in the perspective from which social responsibility is practised, has led to a greater emphasis on mutual accountability and responsibility. This has in turn led to a redefinition of the public relations practitioner's role with regard to the interpretation of social change as well as to a broadening of the public relations practitioner's functions. A new organisational relationship between top management and the public relations practitioner needs to be established. On a theoretical level this poses a question about the nature and scope of the public relations practitioner's involvement in the implementation of social responsibility programmes or actions. The purpose of this study was to determine what the nature and frequency of social responsibility programmes amongst a group of East Rand industrialists is, as well as to determine to which extent the public relations practitioner plays an integrating role in the design and implementation of social responsibility programmes and actions. It was found that social responsibility is implemented by the majority of indus-



ANNA-MARIE ROUX was ten tye van hierdie navorsing skakelbeampte by die Kempton Park Stadsraad. Sy is tans verbonde aan 'n reklame-agentskap. Hierdie navorsing het deel gevorm van haar magisterstudie wat sy onder studeleiding van dr Sonja Verwey aan die RAU voltooi het.

trial companies that were included in the sample. However, most of these companies do not possess the necessary infrastructure of a small or medium sized public relations department. The implementation of social responsibility programmes was therefore found not to be dependent upon the existence of the public relations function. The authors conclude that social responsibility should be viewed as an integrated

part of public relations practice at a strategic level and that it should be considered as a specialist function in which the public relations practitioner should specialise on a tertiary level.

INLEIDING

Sosiale verantwoordelikheid het vandag tot 'n brandpunt in verskeie besighede en industrieë ontwikkel. Volgens Toffler (1985) sal druk vir openbare deelname in korporatiewe besluitneming of vir nuwe meganismes waardeur die sosiale verantwoordelikheid van die organisasie verseker kan word, in die onmiddellike toekoms net toeneem. Daar is aan die einde van die twintigste eeu toenemend besef dat organisasies nie alleenlik volgens die klassieke konsep van winsgerigtheid kan funksioneer nie. Die eerste bewegings weg van wins as enigste oogmerk van die organisasie, was volgens Steiner (1971:163) in die dertigerjare van hierdie eeu toe organisasies na 'n balans tussen sosiale en finansiële doelwitte begin streef het. Algaande het sosiale verantwoordelikheid ontwikkel totdat 'n al hoe groter aantal besighede in die sewentigerjare 'n aanvaarding begin toon het van 'n sosiaal verantwoordelike beleid.

Industrieë self het deur 'n proses van groei en verandering gegaan wat in baie gevalle die opkoms van sosiale verantwoordelikheid bevorder het. Sosiale verantwoordelikheid is vandag ingewortel binne die sentrale waardes van die gemeenskap sowel as dié van die organisasie, omdat organisasies besef dat hul groei, vooruitgang en oorlewing afhanklik is van 'n gesonde gemeenskap.

Die uitvoering van sosiale verantwoordelikheid is afhanklik van die verskillende omgewings waarbinne 'n organisasie funksioneer. Industrieë funksioneer in 'n wye eksterne omgewing wat volgens Hutt en Speh (1981) deur ver-

skeie omgewingskragte beïnvloed word, waaronder ekonomiese, politieke, wetlike, sosio-kulturele, fisiese, tegnologiese, opvoedkundige en internasionale invloede tel. Die hedendaagse organisasie se beoefening van sosiale verantwoordelikheid is so ineengestrengel in die verandering wat meegebring word deur sosiale faktore, dat hierdie twee aspekte onsekeibaar geword het. So dui projeksies byvoorbeeld daarop dat Suid-Afrika se bevolking teen die jaar 2005 60 miljoen sal wees, wat 'n geweldige las sal plaas op die ekonomiese stelsel om welvaart, onderwys en behuising te voorsien. Soos wat die gemeenskap verander, verander ook besigheid se reaksie op hierdie veranderinge.

Meeste van Suid-Afrika se belangrike nasionale organisasies is huidiglik betrokke in sosiale investeringsprogramme wat hul toewyding aan die skep van 'n beter omgewing aandui. Sover dit sosiale investering aanbetref, het die era van sogenaamde "handouts" wat sosiale verantwoordelikheid in die sewentigerjare gekenmerk het, verby gegaan en het betrokkenheid by die opheffing van die totale Suid-Afrikaanse gemeenskap die fokus van sosiale investering geword. Histories was sosiale verantwoordelikheid soos wat dit in Suid-Afrika beoefen is, aan die mynhuise, groot korporasies, die media, godsdienstige groepe en sekere verligte besighede oorgelaat en is dit in die vorm van studiebeurse en beurskemas, toekennings aan tersiêre instansies en donasies aan welsynsinstansies beoefen. Tans het hierdie fokus verskuif en word sosiale verantwoordelikheid minder vanuit 'n vrygewigheidshoek en meer vanuit die invalshoek van wedersydse verantwoordbaarheid en verantwoordelikheid beoefen.

Hierdie fokusverskuiwing in die beoefening van sosiale verantwoordelik-

heid laat die soeklig opnuut op die rol van die skakelpraktisyn in die vertolkings van sosiale verandering val. Organisasies wat vinnig en vrywillig op sosiale verandering reageer, word normaalweg as sosiaal verantwoordelik beskou. Die skakelfunksie in die sosiaalverantwoordelike organisasie het 'n belangrike en moeilike uitbreiding ondergaan. Nuwe eise verg dat die openbare skakelpraktisyn die sosiale filosofie van openbare skakelwerk in diens van korporatiewe bestuur moet plaas ten einde integrasie tussen die organisasie en die gemeenskap wat dit dien, te bewerkstellig. Dit impliseer dat die openbare skakelpraktisyn nie langer bloot 'n verslaggewer en vertolker van korporatiewe beleid en optredes vir eksterne publieke kan wees nie, maar sy verantwoordelikhede moet verbreed om by te dra tot en deel te neem aan die formulering van belangrike korporatiewe beleidsrigtings en aksieprogramme.

'n Kritiese faset waarin die openbare skakelpraktisyn 'n uiters belangrike rol te speel het, is om sosiale verandering te vertolk en vir die organisasie te help besluit hoe om op sosiale verandering te reageer.

'n Nuwe organisatoriese verhouding moet ook tussen die skakelfunksie en topbestuur daargestel word. Teenoor vorige vorme van kommunikasie is 'n nuwe korporatiewe vorm nodig. Kommunikasie van sosiale verandering omvat twee verskillende fasette, naamlik interne en eksterne kommunikasie. Eksterne kommunikasie word medebepaal deur die effektiwiteit van interne kommunikasie met werknemers. In aanvulling tot die tradisionele kommunikasievaardighede wat aan die skakelberoep geheg word, moet die skakelpraktisyn meer sensitief ingestel word ten opsigte van sosiale vertroue en verandering.

In die Suid-Afrikaanse omgewingskonteks is dit nie moontlik om politiek en sosiale verantwoordelikheid effektief van mekaar te onderskei nie. Daarom is gebiede waarop sosiale hulp benodig word ook politieke knelpunte. Sosiale verbetering op hierdie gebiede kan ook maklik tot politieke onrus lei namate openbare verwagtinge groei. Konflik tussen individue en organisasies is 'n belangrike oorsaak van sosiale onrus; daarom moet die openbare skakelpraktisyn kwalitatief sosiale vraagstukke evalueer en beleidsrigtings help formuleer om sosiale vraagstukke te hanteer, asook intern en ekstern die redes vir beleidsrigtings kommunikeer.

Op 'n teoretiese vlak laat dit 'n vraag ontstaan oor die aard en omvang van die skakelpraktisyn se betrokkenheid by die uitvoering van sosiale verantwoordelikheid. Op 'n teoretiese vlak word die verantwoordelikheid vir die uitvoering van sosiale verantwoordelikheid onder 'n skakelvaandel geplaas. Op 'n praktiese vlak is die uitvoering van die funksies wat as sosiaal verantwoordelik geag word egter dikwels die verantwoordelikheid van 'n departement van menslike hulpbronne of 'n departement van omgewingsake of omgewingsimpak of 'n gehalte-veralte-bestuurder. Die rede hiervoor is dat Suid-Afrikaanse organisasies sosiale verantwoordelikheid vanuit twee invalshoeke benader. Sommige organisasies, veral industrieë wat 'n impak op die omgewing het, pas sosiale verantwoordelikheid vanuit 'n omgewingshoek toe en hul sosiale verantwoordelikheid manifesteer in 'n groot mate in die negentigerjare in 'n omgewingsbeleid. Dikwels ontbreek 'n wyer sosiale betrokkenheid egter by hierdie organisasies. Die meerderheid ander organisasies se korporatiewe investering word gerig op sosiale opheffingsprogramme.

In lyn met globale neigings is die grootste investering in sosiale verantwoordelikheid in opvoedkundige programme (Fitzgerald 1991). Só dui beramings van Business Marketing and Intelligence volgens Fitzgerald (1991:85) daarop dat die korporatiewe sektor in die 1990/1991 finansiële jaar 'n totaal van R840 miljoen op sosiale opheffingsprogramme sou spandeer. In die beoefening van sosiale verantwoordelikheid fokus besigheid eerste op die werkplek en daarna op die gemeenskappe waaruit dit sy arbeidsmag trek.

Omdat die Suid-Afrikaanse organisasies sosiale verantwoordelikheid grotendeels vanuit die invalshoek van sosiale opheffing beoefen, het dit tot gevolg dat omgewingsbewaring en breër gemeenskapsprojekte dikwels as lae prioriteite geag word. Organisasies wat sosiale verantwoordelikheid vanuit 'n omgewingshoek beoefen, is meestal daardie organisasies, soos industrieë, wat vanweë die aard van hulle besighede 'n impak op die omgewing uitoefen.

Omgewingsbesorgdheid het egter veral in die laaste jaar ongekende prominensie in die Suid-Afrikaanse besighedslewe verkry. Dit bring mee dat organisasies groter eienaarskap van omgewingsprobleme moet aanvaar.

Volgens Hobb en Boland (19091:13) is daar steeds 'n neiging by besighede en industrieë om eienaarskap van omgewingsprobleme te ontken en omgewingsbestuur te beskou as die verantwoordelikheid van ander, per sé die regering. Dit is ook om hierdie rede dat die Vryemarkstelsel dikwels beskuldig word daarvan dat dit ekspoiterend is en suiwer gemotiveer word deur die winsmotief. Volgens Burgess (1990:3) is dit tyd dat maatskappye besef dat omgewingsgerigte sosiale verantwoordelikheid meer behels as die blote maak van groot skenkings in die

aangesig van omvangryke omgewingsrampe.

Die omgewing waarbinne industrieë funksioneer, is tans so omgewingsbewus dat industrieë kan verwag om toenemend vanuit verskeie sektore van die gemeenskap onder druk geplaas te word. Hobbs en Boland (1992:18) rapporteer byvoorbeeld dat 'n onlangse opname by 'n Britse universiteit getoon het dat maatskappye met 'n swak rekord van omgewingsbewustheid deur potensieële werknemers vermy sal word. Dieselfde gesindheid word toenemend ook deur beleggers openbaar. Omgewingsbewustheid is daarom 'n belangrike dimensie van industrieë se sosiale verantwoordelikheid, veral vanweë die moontlike negatiewe impak wat dit op maatskappybeeld en werknemermoraal kan uitoefen.

Huidiglik behels omgewingsbestuur in Suid-Afrikaanse industrieë meestal 'n reaktiewe respons op negatiewe publisiteit na aanleiding van wanbestuur van die omgewing of omvangryke omgewingsrampe. 'n Sosiaal verantwoordelike gesindheid behoort egter te manifesteer as die uitvoering van vrywillige bestuursaksies waarin organisatoriese hulpbronne op 'n wyse gebruik word, wat nie deur wetgewing vereis word nie, en sonder dat die verwagting van onmiddellike ekonomiese voordele of resultate gehou word (Sibiya, 1988).

Die oogmerk met hierdie studie was daarom om te bepaal wat die aard en voorkoms van die beoefening van sosiale verantwoordelikheid by industrieë in Suid-Afrika is. Vir die doeleindes van empiriese studie is nywerheidsindustrieë aan die Oos-Rand as die populasie geneem. Hoewel die bevindings van hierdie studie nie veralgemeenbaar is na industrieë in die res van Suid-Afrika nie, is daar 'n baie sterk konsentrasie van nywerhede in hierdie gebied.

Die veronderstelling is daarom gemaak dat die resultate wat behaal sou word, minstens indikatief sou wees van tendense wat elders by ander industriële organisasies in Suid-Afrika gevind sal word.

METODE

Die doel van die studie was om 'n kwalitatiewe ontleding van die aard en voorkoms van sosiale verantwoordelikheid aan die Oos-Rand te doen. 'n Literatuurstudie is vooraf onderneem ten einde sosiale verantwoordelikheid binne die kader van skakelwerk te plaas, en daarna die aard van interne en eksterne skakelwerk te ontleed. 'n Vraelys, gegrond op die teoretiese instelling, is daarna ontwikkel ten einde 'n kwalitatiewe studie te doen.

Die vraelys is saamgestel uit 29 vrae met 'n totaal van 109 items wat binne 15 minute voltooi kon word. Daar is hoofsaaklik gebruik gemaak van die Likert-tipe formaat waar respondente die mate of graad van instemming by elke item moes aandui. Daar was sewe responskategorieë met 1 as glad nie of geen, en 7 as baie hoog. 'n Adreslys is van ERIN (East Rand Industrialists' Association) bekom en 65 respondente is geselekteer. Die respondente was almal Engelssprekend en het bestuursposte of middelbestuursvlakposte bekleed. Die respondente was aan die Oos-Rand gesetel en die organisasies waarvoor hulle werk is in nywerheidsgebiede, naamlik Spartan, Isando en Elandsfontein geleë. Die vraelys is in koeverte, tesame met 'n gefrankeerde koevert, aan elke respondent persoonlik gestuur. Daar was 30 respondente wat uiteindelik die vraelys teruggestuur het, wat 'n responskoers van 46,15% verteenwoordig.

RESULTATE

Demografiese inligting

Respondente is versoek om deur middel van drie vroe sekere demografiese

inligting te verskaf, naamlik geslag, ouderdom en of die organisasie waaraan die respondent behoort, 'n Suid-Afrikaanse maatskappy, 'n oorsese filiaal of 'n maatskappy met bande in Afrika is. Geen statisties bevestigende verskille kon tussen die groepe gevind word nie; dit impliseer dat hier met 'n homogene groep respondente gewerk word wat hoofsaaklik manlik is en tussen die ouderdom van 30 en 50 jaar oud is.

Die implementering van sosiale verantwoordelikheid

Dit blyk dat 78,6% van die respondente die onvoorwaardelike implementering van sosiale verantwoordelikheid steun, dit wil sê dat organisasies 'n verantwoordelikheid het om 'n wins te toon en sosiale probleme op te los, ongeag of hulle dit veroorsaak het of nie. Gevolglik het die meeste van die organisasies waaraan die respondente behoort (86,7%), wel 'n sosiaal verantwoordelike beleid.

Daar is 'n spesifieke vraag in die vraelys ingebou ten einde te bepaal wat respondente as die belangrikste redes vir die implementering van sosiale verantwoordelikheid beskou. Dit blyk uit die steekproef dat die bestuursfilosofie van die organisasie bepaal waarom daar sosiaal verantwoordelik opgetree word, met die versterking van korporatiewe beeld en welwillendheid as tweede prioriteit.

Die verhouding wins en sosiale verantwoordelikheid

Omdat daar soveel kontroversie in die literatuur bestaan tussen die Friedmanbenadering (waar wins as die hoogste doel van 'n organisasie gesien word) en die filosofiese benadering (waar sosiale verantwoordelikheid beklemtoon word), is 'n vraag oor die houding van die respondente jeens die verhouding tussen wins en sosiale verantwoordelikheid, geformuleer. Die resultate toon

dat organisasies nie bereid is om sosiale probleme op te los indien die wins van die organisasie op die korttermyn kan verminder nie.

Die gevolge van sosiale verantwoordelikeid

Respondente is versoek om aan te dui in watter mate sekere gegewe faktore as 'n gevolg van die implementering van 'n sosiaal verantwoordelike beleid of program sal ontstaan. Die versterking van korporatiewe beeld en welwillendheid blyk die belangrikste waargenome gevolg te wees van die implementering van 'n sosiaal verantwoordelike beleid vir respondente van Suid-Afrikaanse sowel as oorsese maatskappye.

Vraagstukke en vraagstukbeheer

Een van die doelwitte van hierdie studie was om te poog om 'n opgawe te maak van vraagstukke wat organisasies as belangrik en problematies in Suid-Afrika beskou. 'n Lys van omgewingsvraagstukke is verskaf en respondente is versoek om aan te dui in watter mate hul elke vraagstuk in Suid-Afrika as 'n probleem beskou. Dit blyk dat lugbesoedeling as 'n bogemiddeld tot baie groot probleem deur respondente beskou is, en dat waterbesoedeling, rommelstrooiing, afvalverwydering en -berging en die vernietiging van natuurlike woude almal as bogemiddeld groot probleme beskou is. Wanneer die intensiteit egter aangespreek word, blyk afvalverwydering die omgewingsvraagstuk te wees waarvoor dié meeste kommentar bestaan, met waterbesoedeling in die tweede plek en lugbesoedeling en rommelstrooiing derde.

Ten einde te bepaal in watter mate respondente by sekere vraagstukke betrokke behoort te raak, is 'n lys van algemene vraagstukke verskaf, en respondente is versoek om die intensiteit van betrokkenheid aan te dui. Dit blyk dat respondente glo dat organisasies

in 'n baie hoë mate betrokke moet wees by die skepping van gelyke werksgeleenthede vir almal, asook by die opgradering van die opvoedingspeil onder swart mense en die verhoging van gemeenskapstandaarde. Organisasies behoort ook bogemiddeld tot baie betrokke te wees by omgewingsbesoedeling en armoede, en lug- en waterbesoedeling. Opsommend blyk dit dat die respondente glo dat organisasies indringend by al bogenoemde vraagstukke betrokke moet wees, met die hoogste intensiteit op die skepping van gelyke geleenthede vir almal.

Na aanleiding hiervan, kan afgelei word dat nywerheidsorganisasies aan die Oos-Rand glo dat hulle meer betrokke by sosiaal maatskaplike probleme moet wees as by die bewaring van die omgewing. Die rede hiervoor kan wees dat die meeste nywerheidsorganisasies reeds by omgewingsbewaring betrokke is, en nou leemtes op sosiaal maatskaplike gebied kan identifiseer. Daar is ook dikwels 'n neiging by industrieë om eienaarskap van omgewingsprobleme te ontken en dit te beskou as die verantwoordelikheid van die regering. Voorts is daar meer druk op organisasies om sosiaal betrokke te raak as gevolg van die heersende sosio-politieke klimaat.

Voortspruitend hieruit moes respondente aandui watter metodes aangewend kan word om die opvoedingspeil van die gemeenskap te verhoog. Wanneer die gemiddelde respons per kategorie ontleed word, blyk dit dat beursskemas as eerste en die oprigting van skole as tweede prioriteit gestel word.

Die redes waarom organisasies by sekere vraagstukke betrokke raak, is ook nagevors en daar is spesifieke faktore aangedui wat organisasies in so 'n besluit kan beïnvloed. Wanneer die gemiddelde respons per respondent per

kategorie ontleed word, blyk dit dat die belangrikheid van die sosiale probleem die faktor is wat die grootste rol speel in organisatoriese betrokkenheid, gevolg deur die bestuurbesluit tot betrokkenheid en die interne vermoë en vaardigheid om betrokke te raak as die derde belangrikste rede.

Interne sosiale verantwoordelikeid

Van die respondente het 80,5% aangedui dat hulle organisasie 'n interne sosiale verantwoordelikeidsprogram implementeer. Werknemersgesondheid vertoon as die belangrikste aspek wat in die interne sosiale verantwoordelikeidsprogram aangespreek word, met werknemersveiligheid in die tweede belangrikste plek.

Kommunikasiekanale

'n Vraag wat handel oor eksterne kommunikasiekanale wat organisasies gebruik om sosiaal verantwoordelike gedrag aan die gemeenskap te kommunikeer, het grootliks response op die 1-3 responskategorieë van die Likert-skaal tot gevolg gehad. Die enigste kanaal wat wel deur respondente aangetoon is vir gebruik, is die gedrukte pers (koerante en tydskrifte). Hieruit kan afgelei word dat nywerheidsorganisasies aan die Oos-Rand dalk nie hul sosiaal verantwoordelike optrede op 'n eksterne basis kommunikeer nie.

Dit is ook as belangrik beskou om te bepaal of nywerheidsorganisasies aan die Oos-Rand teikenpublieke geïdentifiseer het met die oog op die verbetering van interne en eksterne kommunikasie. Van die respondente het 81,0% aangedui dat hul organisasies reeds spesifieke eksterne teikengroepe geïdentifiseer het. Die drie eksterne publieke wat as die belangrikste aangedui is, naamlik die gemeenskap, beleggers en kliënte, verteenwoordig die primêre teikenpublieke. 'n Moontlike verklaring waarom die gemeen-

skap as die belangrikste teikengroep aangedui word, is omdat die doelstelling van welwillendheid of beeld as 'n primêre rede vir die implementering van sosiale verantwoordelikeid aangedui is. Op interne vlak het 81,3% aangedui dat die werknemer die belangrikste teikengroep is.

Sosiale oudit

Respondente is gevra om aan te dui of hulle organisasies oor 'n sosiale oudit beskik. Van die respondente het 76,9% aangedui dat hul organisasies wel oor 'n sosiale oudit beskik.

Skakelwerk en sosiale verantwoordelikeid

Ses vrae is aan die einde van die vraelys geformuleer oor die verhouding tussen die beoefening van openbare skakelwerk en die beoefening van sosiale verantwoordelikeid. Slegh 36,3% van die respondente het aangedui dat hul organisasies oor 'n skakelafdeling beskik, en dit blyk dus dat die hoë voorkoms van sosiale verantwoordelikeid (86,7%) nie afhanklik is van die bestaan van 'n skakelafdeling nie. Skakelafdelings in die organisasies wat aan die navorsingsprojek deelgeneem het, is verder baie klein. In 73,13% van die gevalle was daar net een skakelbeampte. Die skakelbeampte blyk grootliks op 'n senior vlak aangestel te wees (93,8%).

Ten einde te bepaal wat die respondente se houding spesifiek teenoor die rol van die skakelpraktisyn in die implementering van sosiale verantwoordelikeid is, is 'n vraag ingesluit oor die aard van betrokkenheid van die skakelpraktisyn by sosiale verantwoordelikeid. Dit is belangrik om daarop te let dat hier 'n lae responskoers was (n=13) en dat die hoë persentasiewaarde dus nie as verteenwoordigend in terme van 'n afleiding oor die rol van die skakelpraktisyn beskou kan word

nie. Die resultate word vervolgens in Tabel 1.1 uiteengesit:

TABEL 1.1

ROL VAN DIE SKAKELBEAMPTTE IN SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID

| ROL | N | PERSENTASIE VAN STEEKPROEF |
|--|---|----------------------------|
| Aktief betrokke by beplanning, implementering en evaluering | 8 | 61,5% |
| Gedeeltelik betrokke by beplanning, implementering en evaluering | 2 | 15,4% |
| Slegs betrokke by beplanning | 1 | 7,7% |
| Slegs betrokke by evaluering | 2 | 15,4% |
| Slegs betrokke by implementering | — | — |

Die respondente is ook versoek om aan te dui hoe suksesvol hulle die skakelfunksie met betrekking tot sosiale verantwoordelikheid in hul organisasie evalueer. Die meeste respondente het 'n 75% sukseskoers (41,2%) en daarna 'n 50% sukseskoers (35,3%) aangedui. 'n Relatief groot persentasie (11,8%) het aangedui dat dit onsuksesvol is.

BESPREKING EN GEVOLGTREKKINGS

Na aanleiding van die navorsingdoelstellings soos vroeër uiteengesit, is daar is tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

Die ondersoek het getoon dat sosiale verantwoordelikheid in 'n groot mate in nywerheidsorganisasies aan die Oos-Rand voorkom en dat hierdie organisasies wel oor 'n sosiaal verantwoordelike beleid beskik. Die houding van respondente jeens sosiale verantwoordelikheid was positief; 78,6% van die respondente het aangedui dat organisasies 'n wins moet toon en terselfder tyd moet help om sosiale probleme op te los, ongeag of dit deur die organisasies veroorsaak is. Hierdie resultate verteenwoordig aspekte van die filosofiese benadering tot sosiale verantwoordelikheid (Monsen, 1972:133). As daar egter gekyk word na die definisie van ware sosiale verantwoordelikheid, naamlik dat daar geen verwagting van

onmiddellike ekonomiese voordele of resultate gehou moet word nie, is dit opvallend dat hierdie organisasies nie bereid is om sosiale probleme op te los indien die wins van die organisasie op die korttermyn kan verminder nie. Hoewel daar dus aspekte van sosiaal-wysgerige en ekologiese benadering in die konseptualisering van sosiale verantwoordelikheid na vore kom, kan die filosofiese grondigheid hiervan tot 'n mate in twyfel getrek word.

Respondente het aangedui dat die versterking van 'n organisasie se korporatiewe beeld en welwillendheid 'n primêre rede vir 'n sosiaal verantwoordelike beleid is. Dit blyk egter dat die nywerhede waaraan die respondente in hierdie studie behoort, op eksterne vlak slegs betrokke is by die uitvoering van sosiale verantwoordelikheid gemik op die bewaring van die fisiese omgewing. Dit wil voorkom asof hierdie maatskappye betrokke is by die omgewing omdat daar toenemend druk op hulle is om betrokke te raak as gevolg van die openbare mening en die wetlike vereistes wat neergelê word.

Volgens Hobbs en Boland (1991:14) kan die teësin by organisasies om die omgewingsagenda aan te spreek nie net aan die kompleksiteit van die omgewing toegeskryf word nie, maar ook aan die oortuiging dat eienaarskap van

omgewingsprobleme die regering se domein is. Tans is daar 'n veertigtal wetgewings wat direk verband hou met omgewingsbestuur deur Suid-Afrikaanse industrieë. Die probleem met eksterne wetlike beheer is dat dit 'n reaktiewe benadering teenoor sosiale verantwoordelikheid by industrieë meebring. In hierdie verband bied die Winter Model (1988 en 1990) 'n praktiese voorbeeld van die omvang wat sosiale verantwoordelikheid op besigheidspraktike kan uitoefen. Hierdie model staan 'n bewustheid van omgewingsbesorgdheid op alle vlakke van die organisasie voor en die uiteindelijke oogmerk daarvan is om omgewingskade deur die bevordering van praktiese maatreëls vir self-regulering in industrieë te bewerkstellig. Terwyl 'n nie-besoedelende nywerheid 'n onbereikbare ideaal bly, kan alle omgewingsprobleme beheer word indien industrieë in 'n toenemende mate die bronne tot hulle beskikking mobiliseer en 'n groter verantwoordbaarheid vir oortredings toon.

Die ander vorm van sosiale verantwoordelikheid wat wel aan die dag gelê word, is interne verantwoordelikheid waar dit blyk dat organisasies die gesondheid van die werknemer as hoogste prioriteit aandui. 'n Moontlikheid hier is dat gesondheidswetgewing in 'n hoë mate nywerhede se fokus hierop rig. Dit moet ook in gedagte gehou word dat maatskappye verder onder druk van werknemers verkeer in 'n tyd waar vakbonde en 'n onstabiele sosio-politiese klimaat 'n groot rol speel.

Die versterking van korporatiewe beeld en welwillendheid is as die belangrikste motivering vir die implementering van 'n sosiaal verantwoordelike beleid aangedui. 'n Analise is ook gedoen van die belangrikheid van omgewingsvraagstukke in Suid-Afrika vandag. Lugbesoedeling blyk die omgewingsvraagstuk te wees waaroor die meeste

kommer onder byna al die nywerheidsorganisasies aan die Oos-Rand bestaan. Wat sosiale vraagstukke betref, blyk dit dat organisasies indringend by omgewingsbesoedeling, die skepping van gelyke werkseleenthede vir almal, die opgradering van die opvoeding-speil vir blank en swart, die armoedekwessie, verhoging van die gemeenskapstandaarde en lug- en waterbesoedeling betrokke behoort te raak.

Die studie het getoon dat organisasies hoofsaaklik van die gedrukte media gebruik maak om met eksterne teikenpublieke te kommunikeer, maar dat dié kommunikasie nie op groot skaal plaasvind nie. Hieruit kan afgelei word dat die skakelbeampte nie baie betrokke is by die formele kommunikasie van sosiaal verantwoordelike optrede en beleid aan die publiek nie. 'n Rede hiervoor kan wees dat die skakelbeampte nie betrokke is by die fisiese uitvoering van sosiale verantwoordelikheid en die gevolglike terugvoering van resultate nie.

Die teoretiese uitgangspunt van hierdie studie impliseer dat sosiale verantwoordelikheid 'n praktyk is wat onder die skakelvaandel tuishoort. In die probleemstelling is genoem dat daar meningsverskille bestaan of eksterne sosiale verantwoordelikheid as deel van die skakelproses uitgevoer moet word en of sosiale verantwoordelikheid, veral in Suid-Afrika, nie onder 'n ander organisasiefunksie tuishoort nie. Hier word byvoorbeeld gedink aan funksies soos omgewingsbestuur of omgewingsimpakanalise. Dit blyk verder dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n ekstern gerigte organisatoriese funksie wat op 'n wyer sosiale gebied betrokke kan raak as net by die omgewing, byvoorbeeld 'n departement gemeenskapsdienste.

Die resultate van die navorsing toon dat baie nywerheidsorganisasies aan die Oos-Rand nie oor die nodige infra-

struktuur van 'n groot of mediumgroot skakelafdeling beskik nie. Dit mag verklaar waarom die sosiale verantwoordelikhedsfunksie nie in alle organisasies gestalte vind nie. Die skakelpraktisyn is nie in staat om by alle ander pligte 'n sosiaal verantwoordelike funksie ook te verrig nie.

Verder kan afgelei word dat nywerheidsorganisasies aan die Oos-Rand sosiale verantwoordelikhed nie as 'n eksplisiete skakelfunksie beskou nie. Dit blyk dat daar organisasies bestaan wat nie 'n skakelpraktisyn vir die uitvoering van hierdie funksie het nie, maar 'n persoon belas met die portefeulje sosiale verantwoordelikhed.

Die betrokkenheid van die skakelpraktisyn op interne vlak laat verder vrae ontstaan tot waar die grense van verantwoordelikhed strek sover dit interne sosiale verantwoordelikhed betref. Vir die uitvoering van sekere van die aspekte van interne sosiale verantwoordelikhed, is daar reeds 'n funksie soos mannekragontwikkeling of die personeelfunksie, sodat dit voorkom asof die skakelpraktisyn nie 'n implementeringsfunksie hier te vervul het nie, maar eerder as integreerder 'n strategiese en ondersteunende staf-funksie vervul.

Dit wil voorkom asof daar 'n diskrepansie tussen die teorie en die praktyk is. Terwyl die skakelliteratuur ekstern en interne sosiale verantwoordelikhed duidelik as 'n onderafdeling van skakelwerk aandui, kan dit uit die onderhawige navorsing afgelei word dat die sosiale verantwoordelikhedaspekte wat wel aan die dag gelê word nie vanuit 'n skakelingsperspektief onderneem word nie, maar as gevolg van openbare druk, wetlike regulering en sosio-politiese faktore.

SLOTSOM

Daar word tot die slotsom gekom dat sosiale verantwoordelikhed as 'n inte-

grerende deel van skakelwerk beskou kan word, maar dat die rol van die skakelpraktisyn in die toekomst soos volg sal moet verander om groter betrokkenheid by sosiale vraagstukke in te sluit:

Daar word aanbeveel dat indien sosiale verantwoordelikhed as deel van die skakelfunksie behoue bly, 'n *spesialistfunksie* aan sosiale verantwoordelikhed toegeken moet word. 'n Skakelpraktisyn moet dus spesialiseer in sosiale verantwoordelikhed soos daar huidig skakelpraktisyns is wat spesialiseer in publisiteit of opvoedkunde. Dit sou impliseer dat daar opnuut na die kurrikulums aan universiteite in Suid-Afrika gekyk sal moet word. Dié spesialistfunksie kan ook deur die titelbenaming van die skakelpraktisyn aangedui word, naamlik 'n skakelpraktisyn vir sosiale verantwoordelikhed.

Daar word ten slotte ook aanbeveel dat die uitvoering van die sosiale verantwoordelike funksie *gestruktureer en beplan* uitgevoer moet word met die skakelpraktisyn as koördineerder op bestuursvlak aan die hoof van die uitvoering van hierdie stappe. In die uitvoering van hierdie funksie moet die skakelpraktisyn nie huiwer om gebruik te maak van ander dissiplines, soos byvoorbeeld die personeelfunksie tydens die implementering van interne sosiale verantwoordelikhed; die finansiële funksie tydens sosiale audit; of selfs omgewingspesialiste tydens omgewingsoudits nie.

BRONVERWYSINGS

- BURGERSS, M 1990: The Environment Requires Appropriate Dedication. *IPM Journal*, Vol 8:7:3.
- DE KOCK, M & MENDES, H 1985: Corporate Social Responsibility: Principle and Practice. *Goldfields of South Africa Ltd Review*, (21):24.
- FITZGERALD, J (Ed.) 1991: Corporate Responsibility. *Flying Springbok*, Augustus 1991:83-97.

HUTT, M D & SPEH, T W 1981: *Industrial Marketing Management*. Chicago: Dryden Press.

HOBBS, J & BOLAND, B 1991: Owning the environmental problem. *IPM Journal*, Vol 9:6:13-18.

SIBIYA, B L 1988: *Corporate social responsibility: The practical application*. Ongepubliseerde voordrag, Konferensie oor Sosiale Verantwoordelikhed. Johannesburg.

STEINER, G A 1971: *Business and society*. New York: Random House.

TOFFLER, A 1985: *The Adaptive Corporation*. New York: Pan Books.


WINTER, G (Ed) 1988: *Business and the Environment*. Hamburg: McGraw-Hill.

WINTER, G 1990: *Environmental Management – An innovative management model*. Ongepubliseerde voordrag: Megawatt Park, Johannesburg.

MUSIC VIDEOS AS CULTURAL ARTEFACTS OF THE EIGHTIES

Retha Van Niekerk

In this article a brief overview of the development of movements in art and music during the twentieth century is given in an attempt to place music videos in perspective as cultural phenomena reflecting certain artistic, philosophical and social tendencies of the present time. Music videos, as part of popular culture, are seen against the background of the semiological view that a cultural artefact does not simply reflect society, it also acts as a "signifying practice with its own determinate product: meaning" (Hall 1980:30). A semiological approach incorporating concepts from structuralism, psychoanalysis, feminism and post-structuralism is used to construct a theoretical model for the analysis of meanings in the visual images of music videos. In the theoretical model three levels of meaning, namely denotative, connotative and mythical, are distinguished with certain qualitative elements defined on each level. The denotative level or the level of reality contains iconic signs, indexical signs and symbolical signs. Other qualitative elements include characters, setting, and descriptions of primary movements. The connotative level or the level of representation includes television codes (non-filmic and filmic), narrative codes and intertextual codes. The level of myth or the level of ideology includes stylistic or textual devices such as metaphors, allegories, fetishism, voyeurism and parody. The conclusion reached in this article is that music videos function as modern artefacts which have the poten-



RETHA VAN NIEKERK is a Senior Lecturer and Head of the Department of Public Relations at the Technikon Pretoria. This article is based on chapters from her MA dissertation *Critical Analysis of Cultural Meaning in Music Videos* which she completed at UNISA under the supervision of Prof GM du Plooy and Prof PJ Fourie.

tial to express complex cultural meanings "... to signal a new Weltanschauung" (Lorch 1988:143). In this sense music videos as cultural artefacts reflect the *Zeitgeist* of the eighties in the same way that artefacts produced in other art movements articulated certain value systems, myths and ideologies.

1.1 INTRODUCTION

Berger (1967:6) defines culture as "the totality of man's products". In this view culture is constructed and reconstructed as a continuous process by which man attaches socially constructed meanings to various products. Of all human products the signs and

symbols embedded in cultural artefacts stand out as fundamentally important because they serve as sources of cultural meanings. In this sense cultural artefacts acquire meaning only within specific socio/historical contexts and conversely cultural artefacts often contain the essence of a whole social system. As a result culture can be viewed as "a distinct aspect of social reality of which the symbolic-expressive artefacts are subject to theoretical observation" (Wuthnow et al. 1984:25).

It is postulated that music videos as symbolic-expressive artefacts reflect the *Zeitgeist* of the eighties exactly as dada *ready-mades* reflected the nihilism of World War 1 and bronzed beer cans reflected the consumerism of the sixties. Accordingly, the following overview is aimed at establishing music videos within a socio-historical context as artefacts articulating the cultural meanings of the eighties.

1.2 DEVELOPMENTS IN MODERN ART

Historically, up until the mid-nineteenth century, culture was associated mostly with certain fine art forms - painting, sculpture and classical music. These arts flourished because of substantial patronage from wealthy and influential individuals and groups insistent on retaining the cultural *status quo*.

During the nineteenth century a gradual metamorphosis took place in the development of modern art in Europe. Changes brought about by the industrial revolution, by a capitalist consumer society and by increased urbanisation altered the social context in which artists operated. Other developments such as the shifts in patterns of patronage, the role of museums, the artist's position in society and the public's attitude towards art, led to the gradual supplantation of the classicism

of the Renaissance and Baroque art by modern art.

Another factor which influenced the formulation of modern art was the development of new printing techniques. The graphic arts of drawing, engraving and lithography were given new applications in the forms of book illustrations, newspaper caricatures and poster advertisements. Publishing and advertising became major industries and changed the status, power and authenticity of visual representations. The development of modern art therefore involved not only the portrayal of a consumer orientated society found in the leisure activities of the middle-class but also provided artists with new techniques and forms found in the search for modern advertising methods.

World War I had a devastating effect on European art. It destroyed the old world of unified symbolism and opened up new ways of perceiving and interpreting the world. With *dadaism*, art became a means of destroying the existing order of thought and feeling. The artists had to confront a world filled with contradictions - "order versus disorder, society versus the individual, security versus fantasy" (Frith 1986:270). Dadaism was an attempt to solve the problem by abolishing the old value systems and social conventions that characterised the bourgeois society so that man could be free. It was a protest against the naive symbolism of the romantic movement and a rejection of the smug materialistic value system of the bourgeois society. Dadaism was seen as a state of mind, not a political movement but a nihilistic movement. The dadaists felt that reason and logic had led to the disaster of World War I, and that the only way to show their disillusionment was by promoting political anarchy and irrational behaviour through certain forms.

The dadaists discovered that "one could attack the bourgeoisie with distortions of its own communications" (Rubin 1968:83). Through the use of the mass communication media in the forms of montage and the *photo-collages* (a mixture of typographic and photographic images found in newspaper articles, advertisements and magazine illustrations), the dadaists added a new dimension to the representation of reality.

Dada in its original form expired in the early twenties, to be supplanted by *surrealism* – a new art form based on the use of imagery and myths. In the aftermath of World War I and during the political build-up to World War II, a calm prevailed which enabled the artists to explore the possibilities of an art content expanded through dreams, instincts and imagination. The method of juxtaposition used by the surrealists led to a new concept of beauty. The linking of elements of ancient mythology with myths arising from contemporary culture; "the artificial man, the superman, the death of nature and the triumph of science" (Buettner 1981:51), became themes which would resurface again in the music videos of the eighties. The contemporary trend of *magic realism* can also be seen in the surrealist films of Luis Bunuel and Salvador Dali, *Le Chien Andalou* (1928) and *L'Age d'Or* (1930). In these films the artists combined elements characteristic of surrealism, namely mythical images, terror, eroticism and satire.

In America a rare period of peace and prosperity also existed during the twenties. The restricted aim of earning a living was broadened to include more frivolous goals. The rapid spread of radios and films brought with them a new emphasis on leisure activities. Dress styles, dance styles and recorded music all contributed to create

an atmosphere of gaiety which typified this period – the roaring twenties.

The frenetic lifestyle of the twenties came to a sudden end with the stock market crash in 1929 and the resultant depression which increased immigration to the cities. The entertainment industry became more and more important as people tried to forget their poverty and alienation through films. The Hollywood films with their identifiable themes and memorable tunes were "articulating a sense of community and defining the parameters of social conduct" (Grant 1986:196). People lived their lives vicariously, identifying with the sophisticated and artificial lifestyles portrayed on the screen. A rootless, migrant society was being indoctrinated with the values disseminated by mass communication media such as films.

During the fifties and sixties another art form appeared. The tremendous increase in middle-class affluence in combination with the burgeoning of mass communication media and modern technology gave rise to a different and highly commercial milieu against which the ironic iconography of *pop art* manifested itself. Pop art, with its use of the mass communication media, can be seen as the transition between the arts of resistance and commercial art forms. Pop art encompassed works of fine art produced by professional artists who used popular culture, everyday commodities and mass media material as sources of techniques and conventions of representation. In its satirical connotations pop art had echoes of dadaism and surrealism, but the pop artists used society instead of taking a stand against society. The themes of alienation and despair were transformed into the idea of commercialism purged of deeper mythological meaning. The themes of pop art reflected mass production methods, "it

was art about consumption, and it sat up and begged to be consumed" (Hughes 1991:75).

Although the major movements in art during the twentieth century centered around painting, a paradigmatic shift occurred in the late sixties with the advent of rock music. After this shift, most of the evolving social and cultural significations were defined in terms of music and not in terms of painting. The music commenced to constitute the central experience around which all other concerns (social, political and cultural) were being built. Culture no longer referred to the preferences of the working class as opposed to the taste of the elite. Popular culture now referred to a specific age group, namely the youth. "The idea of a youth culture upheld the notion that the major division in society was one of age rather than class, status or occupation" (Muncie 1981:35). The assumption was that the youth culture transcended all the other cultural attachments of home life, work or class and placed the adolescents in an antagonistic relationship to the social order.

As the Vietnam War intensified during the sixties and seventies, the counter-culture became more evident. Underground films and rock music provided opportunities whereby music and art became the instruments of cultural revolt. The acid rock of the San Francisco bands, the psychedelic colours and clothes of the Beatles' *Sergeant Pepper* (1967) album and the protest songs of Bob Dylan were "marking up a graffiti of dissent, undermining existing, dominant meanings, and promoting alternatives to them" (Durant 1985:117).

With the emergence of *punk culture* as a highly visible subcultural statement in England during the seventies "the attention of the youth culture was turned to the actual mechanics of repre-

sentation: the codes themselves" (Chambers 1986:172). While in the United States of America the emphasis fell on hedonism and sexual gratification as exemplified by the disco culture, punk culture symbolised the neglect and bondage felt by the working-class youths in England. Mass unemployment and high inflation produced a form of music known as the *dole queue rock*. The lyrics of punk songs were nihilistic and anarchistic with discordant vocals and disorganised sounds. Punk attempted to undermine and disrupt every pre-existing style of life, to reduce everything to a level of absurdity. "In punk, alienation assumed an almost tangible quality" (Hebdige 1979:28).

1.3 THE DECADE OF THE EIGHTIES

The eighties were symbolised by a conspicuous consumption and a narcissist preoccupation with the self. Castro refers to this era as the "shop-till-you-drop gilded decade of excess" (Castro 1990:50). Aesthetics were viewed with a certain cynicism engendered by the ideology of materialism. According to Gross and Scott (1990:43) "Art is not created for the sake of a statement. It's created for money". The eclecticism which became characteristic of the era was rooted in the self-centered, 'yuppie' (young upwardly mobile professionals) mentality of the me-decade. The campaigns directed at the yuppies ran rife with hedonism. "Mastercard, I'm bored" (Tetzlaff 1986:86). The youth searched only for success within the system. To be modern was to celebrate the synthetic and the artificial, to be coolly aggressive and to reject softness and intimacy.

Tetzlaff (1986:80) states that the eighties were characterised by "fragmentation, superficiality, stylistic jumbling, the elevation of hedonism and the do-

minance of the visual over the verbal". These characteristics typified not only the eighties but also the cultural artefacts that represent the eighties, namely music videos. As a cultural artefact of the "late capitalist, consumerist, pleasure-centered society" (Fiske 1987:323) music videos perfectly reflect the distanced, ironical stance of the youth. The variety of selves and images promoted in the music videos present a sort of "authentic inauthenticity" (Grossberg 1988a:138). The traditional use of cultural forms as "patterns of resistance" (Lull 1987:16) is supplanted by the ability of the youth to "appropriate any text, to undermine the distinction between production and consumption and in this way, to deny the power of ideology and of the commodity itself" (Grossberg 1988a:140).

Music videos were establishing themselves as a form of popular art worthy of study as illustrated by the following observations. In 1984 the Whitney Museum in New York ran a video art retrospective that "showed the full capacities of video as an artistic medium" (Lynch 1984:57). Lull (1987:27) adds that music videos incorporate a compelling synthesis of many art forms into one. A sociological study by Desmond (1987) concludes that music videos, with their capacity for visual coding and their tendency to dramatise the themes of lyrics, provide a potential for arousal beyond the realm of other cultural artefacts. Tom Shales, the critic from The Washington Post expressed the view that "... people who make [music] videos are the cutting-edge visual literates of our time" (Denisoff 1988:241). In addition, Lorch (1988:143) refers to music videos as "the metaphysical poetry of the twentieth century". She refers to certain music videos which are an extension beyond mere conveyances of rock music, in which a poetic function is fulfilled.

Against this background it is assumed that music videos can be considered to be cultural forms with specific aesthetic conventions and constraints. The relationship between sound and image in a music video is affected by already existing conventions in cinematography and television. From musicals came the convention of sound-in-image, with the music being synchronised with the images. From documentaries came the convention of the sound track being superimposed on images but with few performer appearances; whereas from art films came the convention of the sound track as counterpoint to the images. Lull (1987:125) notes that

the music video reverses the normative aesthetic and semiotic relationship between picture and sound in television and film, in that the visuals are there to enhance the sound rather than the other way around.

In summary, music videos exemplify the relationship between musical, graphic and performance forms. According to Armes (1988:158) a music video is considered to be a form which is

free-wheeling yet constrained by its advertising function, visually innovative yet subordinated to its sound track, an individual artefact which is parasitic on a separate and commercially more important object (the record).

Although the music video is a major cultural phenomenon of the 1980s, it has however, received limited attention in critical academic study. Only a few critics have dealt with a critical analysis of music videos (e.g. Fiske 1987; Bowie 1988) or have investigated music videos as the site of ideological discourse (e.g. Kaplan 1987; St Clair Harvey 1990). Reasons for the neglect

range from the elitist view that music videos as popular culture artefacts are not worthy of study, to the assertion that they are a hybrid form of popular culture and therefore not appropriate for study. In addition, music videos are difficult to analyse because

their raw materials are aspects of commercial popular culture, their structures those of dreams, their premise the constant permutation of identity in a world without social relationships (Aufderheide 1986:77).

Most of the research done on music videos has therefore concentrated on the obvious meanings of images and involved the coding of demographic and behavioural patterns of characters/singers within the videos. This type of content analysis stressed the manifest level of meaning of the music video as the most important area for social/cultural analysis and operationalised by establishing certain categories in relation to media content and quantitatively assessing these categories.

Aufderheide (1986), for example, states that music videos play with the outward trappings of *sex role stereotypes*. Male images include sailors, gang members and gangsters. Female images include prostitutes, tempresses and working girls and are often portrayed as outsiders and agents of trouble. These images are "the modified form of cultural stereotyping" (Aufderheide 1986:69). A study by Vincent et al. (1987) on gender role performance in music videos finds that females are portrayed as two-dimensional and subservient. Females feature in predominantly domestic and romantic narrative situations, which are seen as traditionally feminine. Traditionally male narratives, however, reflect educational and political situations. Brown and Campbell (1986) find

further evidence of stereotyping in music videos. Their analysis of occupations shows that black and white females are less likely than males to be portrayed in professional work. (Females are, typically shown making business telephone calls, doing clerical office work or performing manual labour).

Aufderheide (1986) observes that *parents* in music videos are usually portrayed as lower middle class. The symbols of motherhood are an apron and a broom while fathers typically sit around in their undershirts and swill beer.

Lewis (1987) notes, however, that some music videos explicitly set out to reverse sexist representations of females where they are shown appropriating space that is culturally the domain of men. "Music video form and female authorship work hand in hand to make women-identified videos possible" (Lewis 1987:359).

With regard to *racial stereotyping* Peterson-Lewis and Chennault (1986) point out that many music videos are dramatic episodes with interaction between white and black characters and message orientated plots. The world portrayed is predominantly white and male. Most video characters are young adults between the ages of 18 and 34, while children and senior citizens are rarely shown (cf. Sherman and Dominick 1986). In such music videos white characters are often presented as being in psychological and perhaps physical danger while blacks are rarely presented as suffering the same threats. Brown and Campbell (1986) also note that white lead characters are more likely than blacks to be shown engaged in solitary activity (looking at another person without response or walking without apparent purpose) while blacks are usually shown engaged in some form of social activity.

In a discussion of violence in music videos, Sherman and Dominick (1986) reveal that violence occurs in many videos, with hand-to-hand combat as the most common form of aggression. Walker (1987) however, argues that the violence in music videos must be interpreted in the overall media context, namely that the violence does not exist in a mass-media vacuum but is a standard ingredient in several other types of television programmes and mass media (e.g. films).

Sherman and Dominick (1986) also find that sex as portrayed in the music videos studied is more implied than overt. Most sexual encounters occur within the traditional heterosexual context. Due to the emphasis in such music videos on adolescent sex, the focus is on titillation rather than on emotional involvement or 'deviant' sexual practices such as transexuality, transvestitism or bondage.

Lynch (1984) identifies several *themes* that run through music videos. These themes include the binary opposition of nature versus technology; liberation from the shackles of a constraining environment and the view of the performer as a magician or Christ-like power figure. Vincent et al. (1987) also find a glorification of luxury and material wealth. Life is portrayed as jovial, containing few responsibilities. This is supported by Aufderheide (1986) who observes that marriage, starting a family and work are to be avoided.

1.4 A SEMIOLOGICAL APPROACH TO THE CONSTRUCTION OF THE MODEL

Although the research discussed above is useful to document the representation, behavioural patterns and value systems of characters portrayed in music videos, the adherence to statistical and sociological analysis limit its application to quantitative analysis. Qualitative analysis of the music video,

"as a symbolic sign vehicle or a structured discourse, with its own internal structuration and complexity" (Hall 1982:61) is theoretically undeveloped.

In order to aid this type of research, a brief discussion of a theoretical model based on the semiological theories of Roland Barthes and John Fiske, and incorporating concepts from structuralism, feminism and post-structuralism, is given to guide the researcher in the analysis of the content of music videos. Although the discussion explains the concepts incorporated in the model, it needs to be stressed that the purpose is not to give an in-depth discussion of the different signs, codes and/or stylistic devices which apply in the model. Instead the explanations given only provide an operational framework for the construction of the theoretical model.

In the theoretical model the first level of analysis refers to denotative meaning and establishes categories of manifest observation; the second level refers to connotative meaning which goes beyond the manifest observation to a deeper interpretation; and the third level refers to ideological meaning.

On the **denotative level** a critical analysis starts with the semiological differentiation between the different iconographic signs. In an analysis of the signs, the classification of C.S. Peirce (1940) is used to differentiate between iconic, indexical and symbolic signs. These signs are established through usage and conventions in a cultural context. Fiske (1987:5) refers to the first level as the *level of reality*. He identifies elements of social codes such as appearance, dress, environment, behaviour, gesture and expression that constitute the first level of meaning.

The denotative level of meaning is also based on work done by Roland Bar-

thes (1967) who identifies an *informational level* which gathers data from the setting, the costumes, the characters and the behaviour of the characters. The informational level can be also be seen as a linguistic message because whenever one describes or identifies a visual signifier, one is already using language. In the case of music videos the linguistic message is complemented by the words of the accompanying song as well as words which may be flashing on the screen. The images which accompany the words of the song can be used to sublimate, enhance or contradict the words. The closer the images resemble the literal meaning conveyed by the words, the more realistic the sound-image combination. The function of the linguistic message is to anchor the visual image by identifying the different iconic signs. Language therefore helps to identify the "**what**" of meaning. In the application of the interpretive framework the first analysis of the music video therefore gives a denotated categorical description of the content of the image.

The denotative level of meaning becomes the signifier of the **second or connotative level** of meaning. The second or connotative level is called *representation* and is the manner in which the denotative level is represented by code systems. The various code systems include non-filmic, filmic, narrative and intertextual codes. The representational level is seen as the "**how**" or form of meaning.

On the connotative level the way in which the signs are represented leads to a differentiation of different **television codes**. Beginning with an analysis of meaning in form and content from the perspective of media aesthetics (Zettl 1973), an interpretive framework based on the identification of codes is developed as a systematic method for the analysis and interpreta-

tion of a visual image (cf. Barbatsis and Guy 1991). The framework includes a category system for classifying visual elements (e.g. setting, lighting, camera perspective, editing) according to non-filmic and filmic codes. These codes explain the rules or conventions that make meaning possible to the viewer (cf. Fourie 1988). *Non-filmic* codes refer to aspects of the image such as mise-en-scène (clothing, setting and decor), lighting and colour codes. These codes are referred to as non-filmic codes because they are inherited from other older art forms. *Filmic codes* refer to aspects such as camera distances, angles, viewpoints and editing. These codes are distinctive filmic codes because they impart a unique meaning to the images shown.

It is a basic premise of the model that aesthetic codes may be interpreted from a *realistic* or an *expressionistic* perspective (cf. Gianetti 1982). On the second level of meaning the different television codes are analysed to differentiate between the different aesthetic approaches, namely realistic, classical or expressionistic. Generally speaking, the realistic approach "attempts to reproduce the surface of concrete reality with a minimum of distortion" (Gianetti 1982:2). Images tend to be seen as being unmanipulated and the camera is merely used as a recording mechanism. In terms of the realistic approach the major concern is to portray the image as realistically as possible. All the television, narrative and intertextual codes in a realistic approach tend to support the appearance of realism.

The expressionistic approach is more subjective and is concerned with the "spiritual and psychological truths which can be conveyed best by distorting the surface of the material world" (Gianetti 1982:3). The camera is

used as a way of commenting on the truths by manipulating forms and techniques. This approach correlates with the semic code or connotative code identified by Barthes (1975b) which deals with psychological and atmospheric conditions. According to Barthes (1975), the semic code organises the connotative meanings of characters, settings, clothing and gestures. The code is the means by which a figure is individualised into a character, the way in which a setting is transformed into an atmosphere. According to the expressionistic approach all the codes are manipulated to enhance the connotative meaning of the image.

The application of the semiological approach to the analysis of music videos also centres in the identification of *narrative codes* such as plot structure, binary oppositions, stereotypes, thematic development and conflict resolution to trace the representation of the myths and ideologies portrayed through the narrative codes. Narrative structure refers to a sequence of events or actions that follow a specific storyline. Story can be defined as the raw materials of the narrative, the sum of the motifs in their causal-chronological order. The plot is the sum of the motifs, ordered to engage the emotions and develop the theme.

Barthes (1975:54-56) refers to two codes which deal with the structure of narratives. In the first, the proactive code organises the sequencing of events inside the narrative. This code is also known as the code of actions which governs the viewer's construction of a plot. The second or hermeneutic code poses and reposes the central enigma to keep the viewer's attention. The hermeneutic code involves enigma and solution, question and answer and refers to the narrative closure of the text. It resolves the conflicts and provides the solution to the

plot. According to Vladimir Propp (1928), fairy tales and folktales are the prototypes of all narrative structures and the functions or motifs of a tale are constant and limited. In order to dramatise the narrative structure, use is made of stereotypes, binary oppositions and conflict resolution.

In addition to narrative codes, the *inter-textual codes* operative in the visual text are analysed to assess the latent meanings of the text. Intertextuality refers to the relationship a music video as a text has to other texts, the way in which a cultural artefact may allude to or comment on various other works. In terms of a post-modern perspective, intertextuality may take the form of *irony*, *parody* and *pastiche*. More conventionally, the images in music videos can refer to other texts in the form of older art forms such as surrealism, dadaism or pop art. Music videos can also refer to other narrative texts in the form of certain narrative conventions and rules (e.g. plot structure). Intertextual references may, in addition, include references to film texts in the form of certain filmic genres such as the classical film or the film noir. In the use of certain conventions such as *mise-en-scène* the music video text also relies intertextually on theatrical conventions.

Fiske (1987:109) differentiates between horizontal intertextuality and vertical intertextuality. *Horizontal intertextuality* refers to relationships among primary texts (such as among narrative music videos) that are linked along the axes of genre, character and plot. The conventions of genre, character and plot predisposes the viewer to view a specific text against the background of all the similar texts s/he has already seen. For example, the viewer may view a narrative music video against the background of other narrative texts such as romantic films. In this context Barthes

(1975:56) refers to the cultural code which enables the viewer to interpret the text against the background of a particular cultural milieu. The cultural code works intertextually to remind the viewer of other texts. The viewer is reminded of other romantic love stories, of other heroes and heroines and of other conflicts between binary oppositions.

Vertical intertextuality refers to relationships between a primary text (such as a music video) and other texts of a different type that refer back to the primary text. For instance, journalistic articles or news releases, about a singer who features in a music video, function as other texts in relation to the music video as the primary text. These other texts serve to emphasise peripheral details about the singer e.g. Bruce Springsteen as "The Boss" which may influence the viewer's interpretation of the music video.

The third level of meaning refers to the *ideological concepts* which surround the signs and codes and refers to all the *stylistic devices* used to convey meaning. These stylistic devices include concepts which are adapted from literary, linguistic, feminist and post-structural approaches to textual analysis. In the discussion of ideology in this article, attention is focused on the use of certain devices (discussed subsequently) to de-mythologise "any sense of the seamlessness of the join between the natural and the cultural, the world and the text, making us aware of the irreducible ideological nature of every representation of past and present" (Hutcheon 1989:53).

The signifieds on the ideological level are general and diffuse and closely bound with culture, history and ideology. According to Burgin (1986:55), all cultural forms of representation in high art or the mass media are ideologically grounded, they cannot avoid involve-

ment with social and political relations. Ideology, in the sense of how a culture represents itself to itself, is in reality constructed meaning presented as being obvious and generally accepted.

Symbols and *myths* refer to the ideological meaning system according to which a culture interprets reality. According to Barthes (1975), the symbolic code refers to the positioning of the viewer within a text to guide him/her to a symbolic reading of the text. In the symbolic code, aspects such as opposing values and forces, thesis and antithesis can be distinguished and analysed. The symbolic code organises the binary oppositions to uncover the structure of values on which myths and ideologies are built.

For Barthes (1973), myths naturalise the ideological concepts found in capitalist societies. Myths are built on previously learnt stereotypes and symbols encountered in society and as such embody much of the cultural knowledge people take for granted. "In capitalist societies all myth is bourgeois, that is, it always promotes the interests of the dominant classes by making the meanings that serve these interests appear natural and universal" (Fiske 1987:134). Barthes (1973) comes to the conclusion that myth is viewed as a mode of signification, a form. Everything can be a myth provided it is conveyed by signification. In the process of signification, myth, by connecting itself to the interests of a particular class or section of society, turns into ideology.

Certain literary figures and concepts of psychoanalysis adapted to film and television analyses are important devices for eliciting the hidden myths and ideologies in the music videos (cf. Fiske 1987). Although concepts such as symbolism, metaphors, *allegories* and *myths* have a literary and linguistic heritage, they are used in this context

to analyse the visual images in order to establish the latent meaning of the music videos. Other stylistic devices as discussed and used such as *fetishism* and *voyeurism*, are mainly derived from feminist theory (cf. Mulvey 1985) and are used to 'read' the cultural meanings of the visual images. Voyeurism refers to the pleasure and power of looking. "The ability to see the secret and private lives of others, gives the voyeur a power over them" (Fiske 1987:225). In feminist film theory it is argued that the voyeuristic pleasure is produced by the masculine look at the female body. Linked to voyeurism is the concept of fetishism which is "the fragmentation of the female body into an object" (Fiske 1987:226) to defuse the threat of femininity. In addition to voyeurism and fetishism, another distinctive textual device from a post-modern perspective of signification is *schizophrenia*. This psychological concept, reworked by the work of the French psychoanalyst Jacques Lacan (1977), refers to the fact that the experience of temporality (past, present and memory) falls away and the subject or viewer lives in the present with which the various moments of the past have little connection. "In other words, the schizophrenic experience is one of isolated, disconnected, discontinuous material signifiers which fail to link up into a coherent sequence" (Jameson 1983: 119). It is, however, not the purpose of this article to discuss the intrinsic complexities of psychoanalytic theory in detail (cf. Lacan 1977 and Metz 1982).

The interpretation of a music video commences by taking a *thematic view* of the content of the music video, be it realistic, narrative or ideological. Caws (1988:34) refers to a "reference myth" from which one starts the process of interpretation. The music video texts are analysed by defining the symbolic or stylistic devices (level three) that will

eventually reveal the ideological meanings of the video. The stylistic devices are usually supported by a framework of connotative representations in the form of television codes, narrative codes and intertextual codes (level two), which in turn depend on the iconic or denotative level of meaning (level one).

Although the model constructed makes provision for *sound codes*, it needs to be stressed that the objective is not to analyse sound as a primary code but only as auxiliary to the images. Sound is evaluated in terms of sound effects or literal sound (e.g. the sound of a bird), musical instruments and lyrics (words sung) only in so far as they add to the connotative meaning of the images. Sound as code in music videos is important because of the communicative functions which sounds may fulfil. The song is often the reason why the music video is produced in the first instance. According to Middleton (1981) music is highly significant on the level of connotation because most music is experienced in terms of subjective associations.

1.5 A SCHEMATIC OUTLINE FOR THE ANALYSIS OF MUSIC VIDEOS

See page 57.

1.6 SUMMARY AND CONCLUDING REMARKS

In this article a socio-historical overview is given of the various movements in art and music during the twentieth century. It is postulated that cultural artefacts serve as forms of social expression which are "produced in specific historical contexts by and for specific social groups" (White 1987:136) and reflect the social and philosophical tendencies of a certain time.

During the eighties music videos as a new cultural form represented sign

systems of popular culture. Music videos use the older art forms for signification, but mix the traditional aesthetics with production techniques and commercial distribution. Although music videos exist as industrial products, they cannot be seen solely as new commodities reinforcing consumerism, but must also be seen as cultural forms exhibiting nuanced meanings. Music videos "take the existing sign systems of popular culture and transform [the sign systems] into fresh meanings, oblique messages about themselves and their place in the modern world" (Chambers 1985:130).

SOURCES CONSULTED

- Abt, D. 1987. Music Video: Impact of the Visual Dimension, in Lull, J. (ed.) *Popular Music and Communication: An Introduction*. Beverly Hills, California: Sage.
- Aufderheide, P. 1986. Music Videos: The Look of the Sound, in *Journal of Communication* 36 (1): 57-77.
- Armes, R. 1988. *On Video*. London: Routledge.
- Barbatsis, G. & Guy, Y. 1991. Analyzing meaning in form: Soap opera's compositional construction of "realness", in *Journal of Broadcasting* 35 (1): 59-74.
- Barthes, R. 1967. *Elements of Semiology*. New York: Hill & Wang.
- Barthes, R. 1973. *Mythologies*. London: Paladin.
- Barthes, R. 1975. *The Pleasure of the Text*. London: Jonathan Cape.
- Berger, P. 1967. *The Sacred Canopy*. Garden City: Doubleday.
- Bowie, R.P. 1988. Rock Video 'according to' Fredric Jameson, in *Continuum* 1 (2): 122-129.
- Brown, J.D. & Campbell, K. 1986. Race and Gender in Music Videos: The Same Beat but a Different Drummer, in *Journal of communication* 36 (1): 95-105.
- Buettner, S. 1981. *American Art Theory 1945-1970*. Michigan: UMI Research Press.
- Burgin, V. 1986. *The End of Art Theory. Criticism and Postmodernity*. London: MacMillan.
- Castro, J. 1990. Touch of the Tightwad, in *Time* July 30: 50-51.
- Chambers, I. 1986. *Popular Culture. The Metropolitan Experience*. London: Methuen.
- Denisoff, R.S. 1988. *Inside MTV*. New Brunswick: Transaction.
- Durant, A. 1985. Rock revolution or time-no changes: visions of change and continuity in rock music, in *Popular Music* 5: 97-121.
- Fiske, J. 1986. MTV: Post-Structural Post-Modern, in *Journal of communication inquiry* 10 (1): 74-79.
- Fiske, J. 1987. *Television Culture*. London: Routledge.
- Fourie, P.J. 1988. *Aspects of Film and Television Popular Culture*. Cape Town: Juta.
- Frith, S. 1986. Art versus Technology, in *Media, Culture and Society* 8 (30): 263-279.
- Gianetti, L. 1982. *Understanding Movies*. New York: Prentice-Hall.
- Grant, B. 1986. The Classic Hollywood Musical and the problem of Rock n'Roll, in *Journal of Popular Culture* 13 (4): 194-205.
- Gross, D. & Scott, S. 1990. A Step at a Time, in *Time* July 16: 40-43.
- Grossberg, L. 1988a. Rockin' with Reagan, or the Mainstreaming of Post-modernity, in *Cultural critique* 10: 123-149.
- Grossberg, L. 1988b. 'You (still) have to fight for your right to party': music television as billboards of post-modern difference, in *Popular Music* 7: 315-332.
- Hall, S. 1980. Encoding and decoding, in Hall, S., Hobson, D., Lowe, A. &

Willis, P. (eds.) *Culture, Media, Language*. London: Hutchinson.

Hall, S. 1982. The rediscovery of "ideology": return of the repressed in media studies, in Gurevitch M., Bennett, T., Curran, J. & Woollacott, J. (eds.) *Culture, Society and the Media*. London: Methuen.

Hebbdige, D. 1979. *Subculture. The Meaning of Style*. London: Methuen.

Hughes, R. 1991. Wallowing in the Mass Media Sea, in *Time* October 28: 74-75.

Hutcheon, L. 1989. *The Politics of Postmodernism*. London: Routledge.

Jameson, F. 1983. Postmodernism and Consumer Society, in Foster, H. (ed.) *The Anti-Aesthetic: Essays in Postmodern culture*. Port Townsend: Bay Press.

Kaplan, E.A. 1987. *Rocking Around The Clock. Music Television, Postmodernism and Consumer Culture*. New York: Methuen.

Lewis, L.A. 1987. Form and Female Authorship in Music Video, in *Popular Culture* 9 (3-4): 355-377.

Lorch, S. 1988. Metaphor, Metaphysics and MTV, in *Journal of Popular Culture* 22 (3): 143-155.

Lull, J. 1987 (ed). *Popular Music and Popular Culture: An Introduction*. Beverly Hills, California: Sage.

Lynch, J.D. 1984. Music Videos: From Performance to Dada-Surrealism, in *Journal of Popular Culture* 18 (1): 53-57.

Middleton, R. 1981. Reading popular music, *Unit 16. [Popular Culture]*. London: Open University Press.

Mulvey, L. 1985. Visual Pleasure and Narrative Cinema, in Mast & Cohen, M. (eds.) *Film Theory and Criticism. Introductory readings*. New York: Oxford University Press.

Muncie, J. 1981. Pop culture, pop music and post-war youth: Subcultures, *Unit 19. [Popular Culture]*. London: Open University Press.

Peterson-Lewis, S. & Chennault, S.A. 1986. Black Artists' Music Videos: Three Success Strategies, in *Journal of Popular Culture* 36 (1): 107-114.

Rubin, W. S. 1968. *Dada and Surrealist Art*. New York: Harry Abrams.

Sherman, B.L. & Dominick, J.R. 1986. Violence and Sex in Music Videos: T.V. and Rock'n'Roll, in *Journal of Popular Culture* 36 (1): 89-93.

St Clair Harvey, L. 1990. Temporary Insanity: Fun, Games, and Transformational Ritual in American Music Video, in *Journal of Popular Culture* 24 (1): 39-64.

Tetzlaff, D.J. 1986. MTV and the Politics of Postmodern Pop, in *Journal of Popular Culture Enquiry* 10 (1): 80-91.

Vincent, R.C., Davis, K.D. & Boruszkowski, L. 1987. Sexism on MTV: The Portrayal of Women in Rock Videos, in *Journalism Quarterly* 64 (4): 751-941.


Walker, J.A. 1983. *Art in the Age of Mass Media*. London: Pluto Press.

White, M. 1987. Ideological Analysis and Television, in R.C. Allen (ed.) *Channels of Discourse. Television and Contemporary Criticism*. London: Methuen.

Wuthnow, R., Hunter, J.D., Bergeson, A. & Kurzweil, E. 1984. *Cultural Analysis. The work of Peter L. Berger, Mary Douglas, Michel Foucault and Jurgen Habermas*. London: Routledge & Kegan Paul.

Zettl, H. 1973. *Sight. Sound. Motion. Applied media Aesthetics*. Belmont: Wadsworth.

5.6 A SCHEMATIC OUTLINE FOR THE ANALYSIS OF MUSIC VIDEOS



DIE BESTUDERING VAN GEWYSIGDE BEWUSSYNSTATE SE MOONTLIKE BYDRAE TOT DIE VELD VAN KOMMUNIKASIE: 'N VERKENNING

Linda Venter

This explorative article is an attempt to focus attention on the paradigm shift in science that is occurring at present. The shift is the result of the clash between the traditional Western mechanistic approach and a more holistic world-view which also makes provision for direct, non-intellectual experiences of reality.

In the ordinary state of consciousness, for example, a person is expected to identify closely with his or her body image. In an altered state of consciousness (like deep meditation) a person's identity can expand beyond the body image and encompass other people or groups of people. Experiences of this kind can bring instant intuitive knowledge that far exceeds the intellectual and educational background of the individual. While identifying with another person, one can gain access to that person's thoughts, feelings, physical sensations or memories. This holds implications for the communication scientist. The possibility of viewing altered states of consciousness as an additional source of interpersonal communication knowledge and the implications of such additional knowledge for creating shared meaning are explored. It is proposed that the inclusion of altered states of consciousness as a field of study, should be seriously considered by interpersonal communication scientists.



LINDA VENTER is 'n dosent verbonde aan die Departement Kommunikasie van die Randse Afrikaanse Universiteit.

INLEIDING

Waarskynlik een van die belangrikste mylpale wat deur die Westerse wetenskap bereik is, was die insig dat wetenskaplike teorieë slegs konseptuele modelle is wat op 'n bepaalde tyd die bestaande, beskikbare data oor die werklikheid organiseer. Teorieë behoort dus nie met die werklikheid self verwar te word nie. Die verhouding tussen teorieë en die realiteit wat deur hulle beskryf word, is soos die verhouding tussen 'n landkaart en die werklike grondgebied wat ter sprake is.

Hierdie artikel poog om aan te toon dat daar belangrike paradigmatische verskuiwings binne die veld van wetenskapsbeoefening waarneembaar is. As uitvloeisel hiervan poog dit om aan te dui dat die bestudering van gewysigde bewussynstate 'n legitieme en belangrike veld van studie is en 'n bydrae kan maak tot die veld van die Kommunikasiekunde. Die probleem is egter om 'n teorie of benadering ('n omvattende metaparadigma) te vind wat oorkoepelend genoeg is om die belangrikste aspekte van uiteenlopende filosofieë effektief te inkorporeer.

DIE WAARDE VAN 'N PARADIGMA

Kuhn het in 1962 'n groot bydrae met sy (nou bekende) konseptualisering van 'n paradigma gelewer. Sy ontdekking dat daar regdeur die geskiedenis van die wetenskap diskrete opeenvolgende periodes voorgekom het wat deur geheel-en-al verskillende geloofstelsels of wêreldbeskouings gedomineer is, het wye belangstelling uitgelok. Hy het ook gevind dat daar telkens gedurende die oorgangstydperke tussen hierdie periodes, konseptuele chaos geheers het. Die term *paradigma* is deur hom ontwikkel om na sodanige konseptuele sisteme wat die denke van wetenskaplikes gedurende spesifieke periodes domineer, te verwys. 'n Paradigma word dus deur hom as 'n soort "superteorie" beskou met 'n spektrum wat wyd genoeg is dat dit die meeste van al die belangrikste bekende verskynsels in 'n spesifieke wetenskaplike veld kan organiseer, maar terselfdertyd "oop" genoeg bly sodat daar steeds ruimte binne die raamwerk bestaan vir belangrike probleme wat nog opgelos moet word.

Alle paradigmas word as teorieë bekendgestel en is dus onderhewig aan die vereiste dat hulle voorspellings wat empiries verifieerbaar is, moet kan maak. Indien 'n paradigma baie suksesvol is met betrekking tot die maak

van voorspellings, ontwikkel dit in 'n alles-insluitende raamwerk wat alle bekende data organiseer en gevolglik leiding bied aan wetenskaplikes en nuwe navorsing genereer. As gevolg van sodanige sukses, ondergaan paradigmas (volgens Grof, 1983) egter 'n verandering wat in *beginnel* nie deur gewone wetenskaplike teorieë ondergaan word nie. 'n Paradigma word 'n *implisiete* raamwerk vir die meeste wetenskaplikes wat binne sy grense werk en word sodoende die "natuurlike" manier waarop verskynsels ondersoek word en waarop opgetree word, terwyl 'n teorie tentatief bly en altyd aan verdere bevraagtekening en toetsing onderhewig is. Sodra die paradigma dus aanvaar word, word sy basiese filosofiese aannames nie verder bevraagteken nie en wetenskaplike aandag word eerder op uitbreiding en verfyning gefokus.

PARADIGMA-VERSKUIWINGS

Voortdurende navorsing sal egter vroeër of later data te voorskyn bring wat teenstrydig of onversoenbaar met die bestaande paradigma is, aangesien die werklikheid altyd baie meer ingewikkeld as enige wetenskaplike teorie (selfs die mees gesofistikeerde) is. Wanneer dit gebeur, word alle navorsingsbevindings wat die bestaande dominante paradigma uitdaag, onderdruk, omdat die bestaande teorieë as die enigste ware beskrywings van die werklikheid beskou word. In plaas daarvan dat die bestaande paradigma herevalueer word, word die nuwe data eerder verwerp of verwring. Wanneer die nuwe data egter herhaaldelik deur opeenvolgende onafhanklike eksperimentele navorsing bevestig word, beweeg die dissipline wat ter sprake is, in 'n ernstige paradigma-krisis in. Namate meer en meer nuwe data en teorieë gegenereer word en konseptuele aanpassings misluk, sal een van die alternatiewe beskouings uiteindelik as die nuwe paradigma seë-

vier. In die geskiedenis van die wetenskap het so 'n opeenvolging van gebeure herhaaldelik voorgekom (Grof, 1983). Die vroeëre en die nuwe paradigma verteenwoordig gewoonlik totaal verskillende en teenstrydige wêreldbeskouings.

Gedurende die afgelope 300 jaar is die Westerse wetenskap en kultuur deur die werklikheidsstelsel wat ontwikkel het uit die Renaissance, die wetenskap van Bacon, Galileo, Newton en Descartes gedomineer. Dit wil sê, die wêreldbeskouing van die klassieke Fisika wat die wêreld as 'n samestelling van 'n groot aantal materiële objekte beskou wat as 'n reuse supermasjien funksioneer, deur lineêre kettings van oorsake en gevolge beheer word en aan definitiewe, onveranderlike wette gebonde is. Dit is dus deterministies van aard en daar word aanvaar dat indien al die faktore van die huidige tydperk bekend is, dit moontlik behoort te wees om enige situasie in die verlede te herkonstrueer of enige gebeurtenis in die toekoms te voorspel. Alhoewel hierdie aanname nie wetenskaplik bewys kan word nie, (die kompleksiteit van die heelal voorkom eweneens dat dit prakties toetsbaar is), vorm dit volgens Grof (1983) nogtans een van die hoekstene van meganistiese wetenskaplike benaderings.

Descartes se beskouing het 'n absolute digotomie tussen materie en gees (mentale prosesse) voorgestel. Volgens hom bestaan die heelal in die vorm waarin die menslike waarnemer dit perseptueer, maar die bestaan daarvan is heeltemal onafhanklik van die proses van waarneming. Die natuurlike omgewing is in afsonderlike dele verdeel wat deur verskillende belangegroeppe ondersoek is. Hierdie meganistiese model (vgl. Littlejohn [1983] se beskrywing van wêreldbeskouing I) het 'n baie magtige konseptuele werktuig geword en was die

dryfkrag agter die wetenskaplike en industriële rewolusies. Dit was so suksesvol in pragmatiese, tegnologiese toepassings dat dit die ideale prototipe vir byna alle wetenskaplike denke geword het – in die Kommunikasieveld dien Behaviourisme as 'n goeie voorbeeld waar gepoog is om die begrip van bewussyn totaal uit te skakel en alle mentale funksionering as refleksiwiteit te beskou.

Bogenoemde model van die wêreld en al die tegnologiese prestasies wat daaruit voortgevloeit het, het die potensiaal besit om die meeste van die mens se probleme op te los, maar het myns insiens nie daarin geslaag nie. Die grootste wetenskaplike deurbreke soos atoomenergie, lasers, ruimtevuurpyle en moderne chemie en bakteriologie, het eerder bedreigings en gevare vir die mens geword. Die vraag ontstaan of sodanige tegnologiese vooruitgang van enige waarde is as dit nie deur emosioneel volwasse individue en samelewings beheer word wat ontwikkel genoeg is om die magtige werktuie wat hulle geskep het, konstruktief te hanteer nie. Groter klem op meer "menslike, intuitiewe" benaderings (soos eksistensialisme, mistisisme, ensovoorts) mag moontlik bydra om 'n nuwe stel waardes en houdings in 'n nuwe realiteit te ontwikkel wat sterk en stimulerend genoeg sal wees om 'n kennissistiem te skep wat eerder 'n *natuurlike*, intuitiewe, in plaas van 'n afgedwonge, kunsmatige moraliteit tot gevolg sal hê.

In die afgelope jare word die gesaghebbendheid van die meganistiese wetenskaplike benaderings dan ook al hoe meer bevraagteken. Die wêreld van die moderne Fisika is nie meer die meganiese klokwerk van Newton nie, maar 'n verenigde netwerk van gebeurtenisse en verhoudings. Die ontdekking van die atomiëse en subatomiëse wêreld het wetenskaplikes in kontak

gebring met 'n vreemde en onverwagse realiteit wat moeilik was om koherent te beskryf (Capra, 1982). Dit is baie moeilik vir wetenskaplikes van die ou orde om hierdie nuwe beskouing van die fisiese heelal te aanvaar. In hulle stryd om die nuwe realiteit te begryp, het hulle pynlik daarvan bewus geword dat hul basiese konsepte, hul taal en hul denkprosesse eenvoudig nie daartoe in staat was om atomiëse verskynsels te beskryf nie. Volgens Capra (1982) het dit nie slegs 'n intellektuele krisis veroorsaak nie, maar ook 'n eksistensiële krisis. Myns insiens heers daar tans ook 'n persepsie-krisis. Wetenskaplikes poog om die konsepte van 'n bykans uitgediende wêreldbeskouing (die meganistiese wêreldbeskouing van die Newtoniaanse en Cartesiaanse wetenskap) van toepassing te maak op 'n realiteit wat nie langer slegs in terme van hierdie konsepte begryp kan word nie. 'n Nuwe holistiese metaparadigma/wêreldbeskouing behoort oorweeg te word wat ook vir realiteite wat onder normale, gewone omstandighede verborge is, maar byvoorbeeld in spesiale bewussynstate waarneembaar is, voorsiening maak.

'n Groot aantal prominente hedendaagse wetenskaplikes is dan ook van mening dat die meganistiese beskouing van die heelal alleen nie meer langer as 'n akkurate beskrywing van die werklikheid kan dien nie en dat mentale-, intellektuele- en bewussynsvlakke as integrale dele van die werklikheid en die heelal beskou moet word (Wigner [1967], Capra [1975 & 1982], Young [1976], Bohm [1980], Prigogine [1980], Shelldrake [1981]). Drastiese veranderinge word deur ontwikkelinge in onder andere die sisteembenadering geïnspireer (Bateson, 1972, 1979). Die klem het vanaf afsonderlike substansies en objekte verskuif na vorm, patroon en proses met struktuur as 'n produk van die interaksieproses. Die

eenheid van en verhoudings tussen alle verskynsels en die intrinsieke dinamiese aard van die heelal begin sterk na vore tree. Hoe verder daar byvoorbeeld in die fisiese submikroskopiese wêreld ingedring word, hoe meer word daar tot die besef gekom dat die wêreld 'n stelsel van onafskeibare, interaksionerende en dinamies veranderende komponente is en dat die mens 'n integrale deel van hierdie stelsel vorm (vergelyk Littlejohn [1983] se beskrywing van wêreldbeskouing II). Die sisteembenadering is dus een manier wat dit moontlik maak om 'n nuwe perspektief, ook in verband met mentale prosesse, te ontwikkel.

Boulding (1965) identifiseer die volgende nege stelselvlakke binne 'n hiërargie wat wissel vanaf die mees eenvoudige tot die mees komplekse stelsel: die statiese stelsel; die dinamiese stelsel wat voorafbepaalde bewegings insluit; die kubernetiese stelsel wat selfonderhoudend is en die vermoë tot herstel, groei en reproduksie het; geneties-sosiale stelsels waar daar 'n mate van arbeidsverdeling voorkom; die dierlike stelsel wat gekenmerk word deur verhoogde mobiliteit en doelbewuste gedrag; die menslike stelsel wat gekenmerk word deur selfbewustheid, simbolinterpretasie en kommunikasie van idees; sosiale en menslike organisasiesisteme met die klem veral op die organisasierol wat 'n persoon aanneem; en *transendentale* stelsels wat stelselstrukture het, maar wat handel oor die onbepaalbare, absolute en uiteindelijke.

Die fokus van hierdie artikel val op die laaste stelselvlak. 'n Transendentale stelselvlak hou dikwels verband met 'n gewysigde bewussynstaat waarvan meditasie 'n voorbeeld is. Meditasie-tegnieke word gewoonlik as 'n aktiewe konsentrasie of 'n passiewe ontvanklikheid geklassifiseer wat ten doel het om alle aansprake op aandag gelyk te

maak met 'n gevolglike oopheid van persepsies (Tyson, 1982). Deur hierdie verwydering van aansprake uit die daaglikse bestaan (gewone bewussynstaat) laat meditasie dus toe dat lank verwaarloosde belangrike aspekte en insigte deurbreek, wat uiteindelik weer 'n verrykende invloed op interpersoonlike kommunikasie mag hê.

Moderne bewussynsnavorsers (byvoorbeeld Rhine, 1975) herontdek en herevalueer data wat in die verlede onderdruk of geïgnoreer is en rewolusionêre nuwe waarnemings word gemaak wat veral in die veld van die Parapsigologie (byvoorbeeld met betrekking tot die bestaan van telepatie en psigokinesis) moeilik geïgnoreer kan word, omdat hierdie navorsing empiries maklik verifieerbaar is. Ook in ander navorsingsvelde (soos die medisyne) word daar heelwat bewyse gevind dat die mens fundamenteel in 'n nie-materiële realiteit bestaan en dat ons verhouding met die natuur bepaal word deur gekondisioneerde persepsies en verwagtings. As voorbeeld kan die plasebo-effek genoem word. Dit lyk dus moontlik dat nie-materiële gelowe en verwagtings daartoe in staat is om gebeure op die fisiese vlak te beïnvloed en sodoende word 'n teoretiese uitdaging geskep om sodanige bevindings in 'n geïntegreerde meta-paradigma in te sluit.

NAVORSING MET BETREKKING TOT BEWUSSYNSTATE EN IMPLIKASIES VIR BESTUDERING VAN KOMMUNIKASIE

Volgens Bohm (1980) vorm die beeld van die wêreld wat ons in ons gewone alledaagse bewussynstaat waarneem, slegs 'n deel van die werklikheid, naamlik die gemanifesteerde gedeelte

* 'n Plasebo is 'n nie-mediëse substansie soos suiker wat deur 'n pasiënt geneem word onder die indruk dat dit medikasie is. Navorsing het getoon dat die verwagtings van pasiënte wat plasebo's geneem het, veroorsaak het dat dieselfde effekte wat werklike medikasie sou hê, getoon is. 'n Suikertablet kan 'n pynstillende effek hê as die pasiënt onder die indruk verkeer dat hy 'n pynstiller geneem het.

van 'n generatiewe matriks wat in der waarheid op 'n ander vlak van realiteit bestaan en nie in die gewone bewussynstaat direk waarneembaar is nie, maar slegs in gewysigde bewussynstate (soos die meditasie- of droomstaat) toeganklik is.

In die gewone bewussynstaat waar individue sterk met hul liggame identifiseer, is dit slegs moontlik om alleenlik die huidige oomblik met behulp van die sintuie te ervaar. 'n Herroeping van die verlede het nie meer dieselfde sensoriese helderheid nie en om die toekoms te ervaar, word in beginsel as absurd en onmoontlik beskou. Die persepsie van die hier en nou word dus deur die eienskappe van die sintuie beperk.

Volgens Grof (1983) kom dit egter voor asof sommige van bogenoemde beperkings gedurende gewysigde bewussynstate getransendeer kan word. 'n Persoon se identiteit of liggaamsbeeld kan byvoorbeeld ander mense insluit en gebeurtenisse wat in die verlede gebeur het of selfs toekomstige gebeurtenisse kan baie duidelik en helder ervaar word asof dit in die teenswoordige tyd afspeel. Gewysigde bewussynstate kan dus intuïtiewe kennis tot gevolg hê wat die intellektuele vermoë en akademiese agtergrond van die betrokke individu ver oorskry. Wanneer daar byvoorbeeld met 'n ander persoon geïdentifiseer word, kan toegang tot daardie persoon se gedagtes, gevoelens, fisiese sensasies en herinneringe verkry word.

Sodanige ervarings en insigte kan verreikende gevolge vir kommunikasie en betekenisdeling hê. Die toeskryf van betekenis is 'n gevolg van die individu

se persepsies wat deur sy konseptuele filters beïnvloed word. Hierdie perseptuele filters is weer die gevolg van die individu se vorige ervarings. Werklike gedeelde betekenis kan dus volgens Berlo (1960:184) slegs tot dié mate verkry word wat twee persone dieselfde ervarings gehad het. Die term isomorfisme verwys na die eenvormigheid van betekenis by twee persone wat as gevolg van die eenvormigheid van hul vorige ervarings verkry word. Totale isomorfisme is egter 'n ideale toestand wat nooit in die gewone, "werklike" wêreld (gewone, alledaagse bewussynstaat) kan bestaan nie. Die betekenis van byvoorbeeld 'n gegewe simbool sal nooit absoluut identies vir twee verskillende persone wees nie (Fisher, 1978:257). Die feit dat betekenis nooit totaal dieselfde vir twee persone kan wees nie, beteken egter nie dat kommunikasie onmoontlik of selfs baie moeilik moet wees nie, slegs dat dit onvolkome is. Dit is myns insiens onder andere in hierdie opsig (groter betekenisdeling) waar die waarde van gewysigde bewussynstate in 'n kommunikasiekundige konteks na vore kan tree.

DEFINIËRING VAN TERME

Volgens Tart (1971:94) kan 'n *bewussynstaat* as 'n "overall patterning of psychological functioning" gedefinieer word. 'n *Gewysigde bewussynstaat* is dan 'n kwalitatiewe wysiging in bogenoemde oorkoepelende patroon van mentale funksionering wat tot gevolg het dat die betrokke individu se bewussyn radikaal verskillend van die normale manier funksioneer. Gewysigde bewussynstate wat deur bykans alle mense ondervind word, is onder meer die droomstaat, die oorgangstaat tussen slaap en wakker wees en alkohol-intoksikasie.

Heelwat eienskappe van die gewone alledaagse bewussynstaat kom ooreen

met eienskappe van 'n wetenskaplike paradigma. Die gewone bewussynstaat is 'n oorkoepelende mentale funksioneringspatroon wat gebruik word vir die interaksie en interpretasie van ervarings binne 'n bepaalde konteks. Hierdie patrone funksioneer outomaties en die persoon voel hy tree korrek en "natuurlik" op. Net so het 'n paradigma reëls en teorieë wat outomaties gebruik word en nie meer bevraagteken word nie. Die wetenskaplikes wat binne so 'n paradigma werk, voel ook dat hulle aannames en ondersoekmetodes korrek en vanselfsprekend is. Net soos 'n gewysigde bewussynstaat nuwe insigte tot gevolg kan hê, mag die insluiting van byvoorbeeld mistisisme of eksistensialisme by die meganistiese paradigma, groot voordele inhou.


DIE GEWONE RASIONELE BEWUSSYNSTAAT

Om die bydrae wat bewussynstaatspesifieke kennis tot die vorming van 'n moontlike metaparadigma kan lewer, duidelik te maak, is dit noodsaaklik om eerstens 'n begrip van die aard van die gewone alledaagse bewussynstaat te vorm. Daarna sal aandag geskenk word aan die moontlike voordele van gewysigde bewussynstate.

'n Uiteensetting van die gewone rasonale bewussynstaat teen die agtergrond van die sisteembenadering word gebruik, aangesien die sisteembenadering die volledigste bespreking van kommunikasie vanuit 'n algemene proses-oogpunt bied.

Die blokke in Figuur 1 stel die belangrikste prosesse (substeme waaruit die bewussynsisteem bestaan) voor. Die pyle is die belangrikste kanale vir informasievloei – hoe donkerder die lyn, hoe groter is die informasievloei.

Figuur 1: Die gewone bewussynstaat volgens die sisteembenadering



Dit moet in gedagte gehou word dat Figuur 1 'n statiese voorstelling van 'n *dinamiese* proses is. Die totale uitkoms van hierdie dinamiese, interaksionele sisteem is die gewone bewussynstaat.

Figuur 1 kan ook as 'n model van intrapersoonlike kommunikasie beskou word. Die mens is 'n gesofistikeerde prosesseerder van informasie. Van besondere belang is die interne konseptuele filters wat betrokke is by die prosessering van sensoriese data, by die toekenning van betekenis en by die beïnvloeding van gedragsresponse. Intrapersoonlike kommunikasie kom byvoorbeeld gedurende die gewone bewussynstaat voor wanneer 'n persoon dink of wanneer hy in sy persoonlike dagboek skryf. Dit kom ook gedurende gewysigde bewussynstate soos droom of meditasie voor.

STABILISASIE VAN 'N BEWUSSYNSTAAT

'n Bewussynstaat is gestabiliseer – dit handhaaf sy patroon ten spyte van konstante veranderinge in die eksterne omgewing en die liggaam. Daar kan 'n groot lawaai losbars, of 'n hoofpyn kan ontwikkel, maar die persoon bly homself. Daar word by veranderinge aangepas sodat die sisteem steeds funksioneer.

Die stabilisasie van 'n gewone bewussynstaat word deur positiewe en negatiewe terugvoering vanaf die subsisteme behartig – omdat hulle hierdie werk byna outomaties verrig, is daar geen inspanning om die gewone bewussynstaat te handhaaf nie. Wanneer die werkslading van die subsisteme egter drasties verminder word (byvoorbeeld deur volkome te ontspan, nie te evalueer nie of net stil en kalm te wees soos gedurende gewysigde bewussynstate, byvoorbeeld meditasie of droom), verander die aard van die bewussynservaring drasties (word later meer breedvoerig verduidelik).


Die gewone bewussynstaat is egter ook 'n semi-arbitrêre konstruksie. Namate ons grootgeword het, het ons patrone gevorm met betrekking tot persepsies, denke, gevoelens en optredes as gevolg van vorige ervarings. Die outomatiese funksionering van hierdie gewoontes vorm 'n sisteem, naamlik die patroon wat die gewone bewussynstaat genoem word. Omdat hierdie bewussynstaat gestabiliseer is, bly dit konstant ten spyte van veranderende omstandighede. Aangesien die insette wat gedurende die kinderjare geveg is om sodanige konstruksie te vorm, vergeet word en die kulturele relativiteit en arbitrêrheid nie besef word nie, word hierdie staat as die gewone of normale bewussyn beskou. Dit word egter al hoe meer bevraagteken of hierdie gewone bewussynstaat die "beste" of "optimale" staat is waarin 'n persoon kan verkeer. Gewysigde bewussynstate word gewoonlik as minderwaardig of selfs patologies beskou; tog toon navorsing duidelik dat die gewone bewussynstaat 'n konstruksie en nie 'n gegewe is nie, wat slegs relatiewe waarde het (Tart, 1986). Daar sal vervolgens gelet word op hoe die gewone bewussynstaat tot stand kom.

KONSTRUERING VAN DIE GEWONE BEWUSSYNSTAAT

Alhoewel daar 'n wye spektrum van duisende menslike potensialiteite vir elke individu beskikbaar is, word elkeen in 'n spesifieke kultuur gebore waarin slegs sekere van hierdie potensialiteite aangemoedig word, ander afgekeur word en waar daar 'n groot aantal potensialiteite bestaan waarvan die betrokke kultuur geheel en al onbewus is. Volgens Tart (1976) moet sekere potensialiteite ontwikkel word om as mens te funksioneer, byvoorbeeld taal. Daar is egter ander potensialiteite wat *mag* ontwikkel indien die kultuur dit versterk of aanmoedig. As gevolg van kultureldruk, omgewingsdruk, ensovoorts, is daar 'n proses

van selektiewe ontwikkeling en 'n inhibisie van die kapasiteit van bewustheid en uiteindelik word 'n "normale" bewussynstaat gevorm.

sluit uiteenlopende aspekte soos wiskundige vermoëns, dansvermoë, verskillende tipes emosies, ensovoorts in. Die subsisteme is altyd teenwoordig in



Kultuur A selekteer sekere potensialiteite vir ontwikkeling (dié met 'n regmerkje gemerk) en blokkeer ander (dié met 'n X gemerk). Kultuur B maak ander (miskien gedeeltelik oorvleuelende) keuses uit die spektrum. Albei kulture ignoreer baie potensialiteite.

Bogenoemde twee kulture kan gelykgestel word aan twee bewussynstate binne 'n individu. Bewussyn A (wat ons normale bewussynstaat mag wees) gebruik en ontwikkel slegs sekere menslike potensialiteite en verwerp ander. Bewussynstaat B bevat 'n verskillende reeks seleksies en verwerpsings. 'n Persoon mag ontvrede met sy lewe in Bewussynstaat A wees en waardevolle potensialiteite in Staat B vind wat nie vir hom in Staat A beskikbaar is nie.

Die sisteembenadering ten opsigte van bewussynstate bestaan basies uit twee komponente, naamlik energieë en strukture. Die gewone bewussynstaat bestaan dus basies uit aandag/bewustheid, wat as 'n soort aktiverende energie kan optree, en verder uit 'n groot aantal subsisteme. Hierdie subsisteme


'n nie-geaktiveerde vorm, maar kan geaktiveer word deur byvoorbeeld aandag/bewustheid daarop te fokus of deur ander biologiese of sielkundige energie-insette. Die basiese vermoë om bewus te wees, is dus *gedeeltelik* onder ons beheer deur middel van aandag. Dit is egter byna onmoontlik om ons aandag totaal te beheer. Baie meditasiesisteme (Tart, 1975a) se hooftegniek en doelstelling is opleiding om aandag selektief te fokus. Aangesien doelbewuste aandag/bewustheid 'n mens in staat stel om subsisteme of strukture te aktiveer, bestaan die potensiaal om groot beheer oor bewussyn uit te oefen.

'N BEWUSSYNSTAAT AS 'N SISTEEM MET 'N HERKENBARE PATROON

'n Bewussynstaat is 'n dinamiese sisteem, aangesien 'n groot aantal strukture (subsisteme) dinamies in interaksie met mekaar verkeer as gevolg van die energie van aandag/bewustheid of ander biologiese energieë wat deur die strukture van die sisteem vloei. Daar is sekere voorkeur-netwerke vir energievloei en ander wat selde gebruik word. Daar is ook sekere strukture wat latent

in 'n spesifieke bewussynstaat is, geen energie ontvang nie en dus nie aktief is nie.


nier om sekere potensialiteitstrukture te verbind en sodoende 'n verskillende soort sisteem te vorm.



Die figure verteenwoordig verskillende soorte menslike potensialiteite (strukture of subsisteme). Die donker lyne dui aandag/bewustheid-energie en ander soorte psigologiese energievloeirotasies aan wat sekere strukture verbind en met mekaar in interaksie hou op 'n relatiewe stabiele wyse wat deur gewoonte ontstaan. Insette vanuit die omgewing, gefiltreer deur selektiewe aandag, aktiveer ook sekere

'n Bewussynstaat vir 'n spesifieke individu is dus 'n unieke samestelling of sisteem van psigologiese strukture of subsisteme. Die subsisteme is in interaksie met mekaar en stabiliseer mekaar wedersyds deur middel van terugvoering sodat die sisteem (bewussynstaat) sy funksionering binne 'n veranderende omgewing kan voortsit.

'N GEWYSIGDE BEWUSSYNSTAAT



strukture aan die hand van gewoonte. Regs bo word potensialiteite aangetoon wat geïsoleer en nie in verbinding met die sisteem is nie. Die ligte lyne verteenwoordig 'n ander moontlike ma-

Die patroon wat die agtergrond (ligte lyne) van Figuur 3 gevorm het, vorm nou die voorgrond in Figuur 4 en die vroeëre patroon die agtergrond. Die ligte lyne in figuur 3 word die donker

lyne in figuur 4. 'n Radikale herorganisasie van die seleksie van sub sisteeme en die patroon van interaksie tussen hulle, ontstaan. Met ander woorde, 'n heel verskillende sisteem tree na vore, alhoewel daar ooreenkomste in funksionering van sekere dele of sub sisteeme mag voorkom.

Om hierdie gewysigde bewussynstaat te bereik, is dit nodig dat die organisasie van die individu se basiese bewussynstaat tydelik omvergewerp moet word, dat daar deur 'n oorgangsperiode gegaan word en dat daar dan 'n herstrukturering plaasvind om die gewysigde patroon van die ander bewussynstaat te vorm.

DIE WYSIGINGSPROSES

Die basiese funksie van 'n bewussynstaat is om as 'n werktuig te dien om die omgewing suksesvol te hanteer. Sodanige werktuig behoort dieselfde of konstant te bly terwyl 'n funksie verrig word en nie op 'n onvoorspelbare wyse kort-kort te verander nie; daarom is stabilisasieprosesse nodig.

Om 'n bewussynstaat te stabiliseer, is dit nodig om 'n persoon se gedagtes en gevoelens met aspekte wat die samelewing as goed en bruikbaar beskou, besig te hou - sy aandag/bewustheid word dus gebruik om aanvaarbare en gewenste strukture of sub sisteeme te aktiveer. Die gewone, alledaagse, geroetineerde, daaglikse aktiwiteite van mense hou hulle energieë binne hierdie patrone en hou hulle so besig dat hulle nie van enige ongewone realiteite bewus is nie (Tart, 1976:57).


Die basiese, gewone bewussynstaat is dus 'n dinamiese stabiele sisteem met sub sisteeme wat in interaksie met mekaar is. 'n Gewysigde bewussynstaat kan bereik word deur die volgende proses:

Die eerste stap is om die stabiliteit van die basiese bewussynstaat omver te

werp. Daar kan gepoog word om die stabilisasieprosesse op 'n direkte manier omver te werp as hulle geïdentifiseer kan word of op 'n indirekte manier deur 'n indirekte manier deur 'n struktuur of sub sisteem verby sy normale perke van funksionering te stoot. 'n Spesifieke sub sisteem kan byvoorbeeld oorlaai word deur te veel stimuli, of onderlading kan gebruik word sodat die sub sisteem nie die stimuli kry wat vir sy funksionering nodig is nie. Daar kan ook stimuli gegee word wat nie op gewone wyses geprosesseer kan word nie (byvoorbeeld 'n raaisel of wiskundige probleem wat nie opgelos kan word nie). Daar kan verder gepoog word om aandag/bewustheid-energie van sekere sub sisteeme te onttrek, sodat hulle ophou om te funksioneer (Tart, 1976:59). [Daar moet egter in gedagte gehou word dat 'n bewussynstaat op veelvuldige maniere gestabiliseer word. Daar mag daarin geslaag word om sommige van die stabiliseringsprosesse omver te werp, maar dié wat bly funksioneer, kan genoegsaam wees om die sisteem binne sy normale patroon te hou.] Die tweede stap wat dikwels gelyktydig aangewend word, is om nuwe patroonvormende kragte of stimuli aan te wend. Sodra die elemente van 'n bewussynstaat omvergewerp is, moet hulle weer gepatroneer word om die gewysigde bewussynstaat te vorm. (Sien figuur 5 op bladsy 69).

Ter illustrasie van die funksionering van gewysigde bewussynstate, word daar kortliks aandag geskenk aan dié een wat die algemeenste voorkom, naamlik die droomstaat. Navorsing toon dat ons 20% van ons slaaptyd in 'n spesifieke bringolfstaat wat droom genoem word, deurbring. Om te kan droom, moet mens aan die slaap raak, dit wil sê daar moet 'n gewysigde bewussynstaat geïnduseer word. Die persoon gaan lê in 'n stil kamer, skakel die ligte af en maak sy oë toe. Visuele in-

Figuur 5: Die wysigingsproses



Aangepas uit Tart, 1976:61

sette word uitgeskakel en die stil kamer neem die omgewingsstimuli wat die lading vir die gewone bewussynstaat verskaf, weg. Die persoon ontpan sy spiere en beweeg nie, dus is daar ook nie kinetiese stabiliserende terugvoering vanaf die liggaam nie. Verder neem hy 'n houding van "niks is belangrik nie" in, met ander woorde, 'n doelbewuste onttrekking van aandag/bewustheid vanaf die verskillende sub sisteeme wat die funksionering van die gewone bewussynsisteem verder destabiliseer. Moegheid en die fisiologiese behoefte aan slaap, tree as 'n ontwrigtende sowel as 'n patronerende krag op. Insette deur die sintuie word dus aktief geïnhibeer. Die meeste oorblywende stimuli dring nie tot in die droomwêreld deur nie en dié wat wel daarin slaag, word verwring om in die droom in te pas. Die droomrealiteit is baie werklik omdat daar geen insette vanaf 'n vaste, wetgebaseerde eksterne realiteit

is nie. Terwyl 'n persoon dus droom, is die droomrealiteit die enigste realiteit wat vir hom werklik is (Tart, 1986:166-167).

Dit is duidelik dat die realiteite van die gewone bewussynstaat en die droomstaat totaal verskillend is en word deur die volgende ontleding geïllustreer:

Bewussynstaat 1: Gewone alledaagse bewussyn:

In hierdie bewussynstaat word die realiteit deur rigiede eksterne natuurwette beheer. Hierdie realiteit is baie betroubaar. 'n Rots kan nie vanself beweeg nie en dit kan ook nie deur mentale kragte of 'n wilsbesluit beweeg word nie.

Bewussynstaat 2: Droomlose slaap: (vorm 'n derde van 'n persoon se lewe)

In hierdie bewussynstaat gebeur daar niks nie. Daar is slegs die bewuswording dat 'n onbekende hoeveelheid tyd

verbygegaan het aan die einde van hierdie periode.

Bewussynstaat 3: Droomstaat

Die realiteit in hierdie staat kom baie ooreen met die realiteit in Bewussynstaat nr. 1. 'n Persoon sien, proe, hoor, ruik en voel. Daar word plesier en pyn ervaar. Daar word gedink en besluite geneem. Daar word beplan en aksies uitgevoer. Alhoewel die eksterne wette van Bewussynstaat nr. 1 nog teenwoordig is, is hulle nie naastenby so rigdig nie. 'n Rots kan soms beweeg word deur net daaraan te dink, en soms beweeg dit sommer vanself. 'n Persoon kan vlieg deur middel van 'n wilsbesluit, dit wil sê, 'n mentale besluit (wat nie in Bewussynstaat nr. 1 suksesvol is nie). Die ruimte-tyd-sin funksioneer ook totaal anders. Die een oomblik kan 'n persoon in Johannesburg wees en die volgende oomblik aan die anderkant van die wêreld.

DIE VRAAG

Waarom oortuig die meeste mense hulself dat slegs die ervarings in Bewussynstaat nr. 1 werklik en betekenisvol is? Waarom is hulle van mening dat die ervarings van die droomstaat onwerklik, onbruikbaar en totaal denkbeeldig is? Die mens kan volgens wêreldbeskouing I (Little-john, 1983) niks direk "weet" nie, behalwe deur eie ervaring. Baie mense het hulself egter oortuig dat 'n gedeelte van hul direkte ervarings nie werklik is nie, slegs omdat dit in 'n gewysigde bewussynstaat voorkom!

BEWUSSYNSTAAT-SPEKIFIEKE KENNIS

Tart (1983a) wys daarop dat navorsing oor gewysigde bewussynstate aange- toon het dat sommige soorte menslike kennis staat-spesifiek is. As 'n persoon nie in 'n bepaalde bewussynstaat is nie, kan sekere aspekte van die werklikheid nie geken word nie en hierdie aspekte val gevolglik buite ons kom-

munikasiesistiem. Daar is insigte wat in 'n gewysigde bewussynstaat (soos meditasie) verkry kan word wat nie in 'n gewone bewussynstaat beskikbaar is nie. Soos vroeër aangetoon, kan sodanige insigte verreikende implikasies, soos onder andere beter begrip en betekenisdeling in interpersoonlike verhoudings tot gevolg hê. Die volgende analogie illustreer hierdie stelling: As 'n vangnet wat uit 10 cm-blokke bestaan gebruik word om vis te vang, kan daar niks gevang word wat kleiner as 10 cm is nie, met die gevolg dat 'n enorme hoeveelheid seelewe uitgesluit word. Indien hierdie nadeel van die vangproses besef word, is dit goed, andersins mag daar tot die gevolgtrekking gekom word dat alle seelewe groter as 10 cm is! (Tart 1986:169).

Daar bestaan dan ook baie voorbeelde van kreatiewe inspirasies wat gedurende gewysigde bewussynstate voorkom. Skielike insigte met betrekking tot probleemoplossing word byvoorbeeld dikwels gerapporteer om voor te kom gedurende slaap of passiewe meditasie (Ludwig, 1969:20).

Dit wil dus voorkom asof navorsers, as hulle al die kennis wat potensieel beskikbaar is, wil insamel, sommige aspekte daarvan in die toepaslike bewussynstate behoort te bestudeer, andersins mag die antwoorde op baie vrae moontlik nooit verkry word nie. Ontwikkeling van bewussynstaatspesifieke wetenskappe behoort die kennis van die menslike natuur geweldig uit te brei en dit mag die moontlikheid daarstel om latente menslike potensialiteite te ontwikkel en te gebruik.

HUMANISTIESE VERSUS WETENSKAPLIKE NAVORSING MET BETREKKING TOT KOMMUNIKASIE

Menslike kommunikasie is die uitruiling van gedagtes of idees met die doel om betekenisdeling te verkry. Die bestudering van kommunikasie word as 'n so-

siale wetenskap beskou. Die woord *soosiaal* impliseer dat kommunikasie 'n menslike aktiwiteit is, terwyl die woord *wetenskap* 'n sistematiese, empiriese ondersoek impliseer. Ten spyte hiervan bestaan daar 'n digotomie en word navorsing as of humanisties of wetenskaplik geklassifiseer. Humanistiese navorsers word daarvan beskuldig dat hulle hul eie intuïtiewe insigte as superieur beskou. Die talle beskuldigings wat oor en weer geslinger word, veroorsaak 'n hindernis tussen kommunikasiekundiges wat uiteindelik tog almal dieselfde doel nastreef, naamlik om menslike kommunikasie beter te begryp. Volgens Fisher (1978:21) is navorsingsmetodes nooit uitsluitlik of wetenskaplik of humanisties nie. Ooreenstemmende (byna identiese) vrae kan vanuit albei perspektiewe geformuleer word. Statistiese analises is (en word) op humanistiese verskynsels van toepassing gemaak en daar is ondersoeke wat as uiters wetenskaplik beskou word, maar wat tog van fenomenologiese tegnieke gebruik gemaak het sonder statistiese ontleding van data. In die lig hiervan is dit dus moontlik om by die bestudering van gewysigde bewussynstate (soos meditasie) van albei perspektiewe gebruik te maak.

Vanuit 'n sisteemperspektief is ten minste drie sisteemvlakke nodig vir 'n analise van kommunikasie, naamlik subsisteem, sisteem en suprasisteem. Fisher (1978:208) wys daarop dat wanneer op sosiale sisteemvlak gefokus word, 'n enkele individu die kleinste subsisteem word. Volgens Weick (1969:45) beperk die gedrag in laer sisteemvlakke die gedrag in hoër sisteemvlakke. Die individu beperk dus die sosiale sisteem, terwyl intrapersoonlike kommunikasie op sy beurt weer die individu beperk, aangesien die intrapersoonlike kommunikasievlak as die vertrekpunt van alle menslike sosiale interaksie beskou kan word en

deel vorm van die kommunikasieproses in die sin dat dit handel oor die innerlike prosesse binne 'n individu gedurende 'n kommunikasieverrigting (Fisher, 1978:311). Kommunikators wat in die gewone bewussynstaat kommunikeer, het egter nie ten volle insae in mekaar se innerlike gevoelens, gedagtes, emosies, houdings en waardes nie en kan daarom ook nie die invloed van hierdie veranderlikes op kommunikasiegedrag behoorlik begryp nie.

SLOT

Indien intrapersoonlike kommunikasie dan as die basiese vertrekpunt van alle menslike sosiale interaksie beskou word, sal die uitgebreide insigte met betrekking tot ander realiteite wat verkry kan word deur middel van gewysigde bewussynstate die moontlikheid daarstel om interpersoonlike kommunikasie-interaksie oneindig te verryk. Om hierdie rede behoort die insluiting van gewysigde bewussynstate as 'n studieveld ernstig deur kommunikasiekundiges oorweeg te word.

Die opwindendste aspekte van al die ontwikkelinge in die verskillende wetenskaplike dissiplines insluitende Astronomie, Fisika, Biologie, Medisyne, Sielkunde, Parapsigologie en veral Informatieteorie, Sisteemteorie en Bewussynsnavorsing, is eerstens die feit dat die nuwe beskouings van die mens en die heelal al hoe meer ooreenstem met heelwat van die uitgangspunte van die Antieke en Oosterse filosofieë. En tweedens die opkoms van 'n wêreldbeskouing (paradigma) waarin die rede nie meer alleen heers nie, maar waarin ook plek gemaak word vir die intuïtiewe vermoëns van die mens en vir sy natuurlike aanvoeling vir die onsigbare. Dit wil dus voorkom asof daar nader beweeg word aan 'n fenomenale sintese van die antieke en die moderne en 'n integrasie van die prestasies van die

Ooste en die Weste wat verreikende gevolge vir lewe en kommunikasie op hierdie planeet mag hê.

VERWYSINGS

BATESON, G (1972) *Steps to an ecology of mind*. San Francisco: Chandler.

BATESON, G (1979) *Mind and nature: a necessary unity*. New York: Dutton.

BOHM, D (1980) *Wholeness and the implicate order*. London: Routledge & Kegan Paul.

BOULDING, K E (1965) General systems theory – the skeleton of science. *Management Science*, 2:197-208.

CAPRA, F (1975) *The tao of physics*. Berkeley: Shambala.

CAPRA, F (1982) *The turning point*. New York: Simon & Schuster.

FISHER, B A (1978) *Perspectives on human communication*. New York: MacMillan.

GROF, S (1983) East and west: ancient wisdom and modern science. *The Journal of Transpersonal Psychology*, 15(1), 1983.

KUHN, T (1962) *The structure of scientific revolutions*. Chicago: The University of Chicago Press.

LITTLEJOHN, S W (1983) *Theories of human communication* (2de uitg.) Belmont, California: Wadsworth.

LUDWIG, A M (1969) Altered states of consciousness. (In: Tart, C T (1969): *Altered states of consciousness: a book of readings*. New York: Wiley.)

PRIGOGINE, I (1980) *From being to becoming: time and complexity in the physical sciences*. San Francisco: Freeman.

RHINE, J B (1975) Comments: Psi methods reexamined. *Journal of Transpersonal Psychology*, 39, 1975.

SHELDRAKE, R (1981) *Recollections of death: a medical investigation*. New York: Harper & Row.

TART, C T (1971) Scientific foundations for the study of altered states of consciousness. *The Journal of Transpersonal Psychology*, 3, 1971.

TART, C T (1975a) *Transpersonal psychologies*. New York: Harper & Row.

TART, C T (1976) The basic nature of altered states of consciousness: a systems approach. *The Journal of Transpersonal Psychology*, 8(1), 1976.

TART, C T (1986) Consciousness, altered states, and worlds of experience. *The Journal of Transpersonal Psychology*, 18(2), 1986.

TYSON, P D (1982) A general systems theory approach to consciousness, attention and meditation. *The Psychological Record*, 32, 1982.

WEICK, K E (1969) *The social psychology of organizing*. Reading, Massachusetts: Addison-Wesley.

WIGNER, E (1967) *Symmetries and reflections*. Bloomington, Indiana: Indiana University Press.

YOUNG, A M (1976b) *The reflexive universe: evolution of consciousness*. New York: Delacorte.

Boeke

Du Plooy, GM (1991): **500 Communication Concepts. English/Afrikaans. Juta: Cape Town**

In establishing a bilingual terminological data base of 500 concepts generally used in the field of communication, the author produced a useful and very practical reference book for public relations, marketing and journalism academics and practitioners.

The value of the book lies primarily in the definition/explanation of the single entry terms which makes it easy for the user to understand the meaning associated with the term. Seen in the light of the plethora of communication terms used in literature, academic papers and articles, one appreciates a clear and concise description of a term. The dilemma of an entry term having more than one meaning was neatly overcome by the use of "see also" ("kyk ook") and "also called" ("ook genoem") cross-references. This means that in addition to the 5009 entry terms demarcated by the title, a further 68 concepts are included in the English text and 93 concepts are included in the Afrikaans text.

In addition the "see also" technique makes it easy to cross-reference from one term to another synonym or closely related term. For example: *public relations*-forms of "See also" are external publics; internal public. This cross-reference technique is used in different ways in this publication, namely:

to link an entry term which appears as a subject with subdivisions of that subject – for example: *Nonverbal communication*, "See also" chronemics; haptics, kinesics; nonverbal actions; paralinguistics; proxemics;

or

to link collateral subdivisions with one another, for example: new values, "See also" new; newsworthiness;

or

to link a specific entry term with another, especially where the second entry term includes more than one subdivision of the same subject, for example: *media selection*, "See also" communication medium; communication campaign;

or

to contradict an entry term with an antonym or opposing concept, for example: *above-the-line advertising*, "See also" below-the-line advertising.

Throughout the English text the Afrikaans-speaker is referred to the Afrikaans translation of the term and by turning to the second part of the monograph can obtain the Afrikaans definition/explanation of the term arranged in alphabetical order. This is of great value, as communication terms are not always found in other bilingual dictionaries. (These translations often provide the user with linguistic pleasures such as *soekertjies* for small advertisements; *klop-en-losblaai* for knock-and-drops; *lawaaaiwa* for bandwagon; *gewelnaam* for masthead and *nadraai* for spin-off).

The particular value of this reference book lies in the accessibility of the meanings of difficult and sometimes obscure communication terms for students and as a lecturer in the field one appreciates such lucid assistance.

RETHA VAN NIEKERK
Head of Department: Public Relations
TECHNIKON PRETORIA

Reilly, RT (1990)

Effective Communication in the Travel Industry. Delmar.

Dit is met hoë verwagtinge dat ek Reilly se boek oor kommunikasie in die reisbedryf oopgeslaan het. Hierdie werk is Reilly se derde boek oor die toeristebedryf en ná die sukses wat hy met die vorige twee (Travel and Tourism Marketing Techniques and Handbook of Professional Tour Management) behaal het, was die voortsetting van die wenresep te wagte.

In sy voorwoord (p.viii) meld Reilly dat "Since travel is a service, the difference between success and failure often revolves around the ability to communicate on every level from management and sales to advertising and customer relations. Because of this principle, this book was written to provide an overview of communication challenges within the industry." Hoewel Reilly hier reeds waarsku dat hy 'n algemene benadering gaan volg, was die eindresultaat steeds 'n verrassing.

Vanaf die eerste hoofstuk gallop Reilly gelate oor 'n wye reeks kommunikasie-onderwerpe. In hoofstuk een word die verduideliking van basiese konsepte soos die definisie van kommunikasie, kommunikasiemodelle en begrippe soos persepsie, leer en motivering met spesifieke onderwerpe soos rasionele en emosionele beroepe asook nuwe tendense in die reisbedryf afgewissel. Laasgenoemde onderwerpe sou veel beter gepas het in latere hoofstukke wat handel oor die toepassing van die basiese beginsels.

In hoofstuk twee wat handel oor die woord, word aspekte soos woorde-skat, taalgebruik, sinskonstruksie, die gebruik van leestekens en uitspraak oorsigtelik behandel. In die afdeling oor woordeskat word die leser aangeraai om baie te lees en blokkiesraaisels te doen. Hy stel voor dat 'n paar blad-

sy van 'n woordeboek daagliks bestuurde word.

Tussen al hierdie algemeenhede word 'n interessante onderwerp soos die eiesoortige taal wat in die reisbedryf gebruik word, afgeskep deurdat die outeur hom net tot enkele voorbeelde beperk.

Laasgenoemde opmerking bied 'n goeie voorbeeld van die probleem wat dwarsdeur die boek aangetref word. Die outeur versuim om 'n duidelike uiteensetting van die reisbedryf aan die leser te gee. Hy skryf asof hy oortuig is dat sy leser vertrou is met die kompleksiteit van die bedryf. Hierdie versuim om 'n verwysingsraamwerk aan die leser te voorsien, het tot gevolg dat baie van sy praktiese voorbeelde hulle trefkrag verloor.

Die patroon wat hy aan die begin vestig, naamlik die vermenging van oppervlakkige teorie met praktykswenke en voorbeelde word regdeur die boek aangetref. Die probleem wat aanvanklik met die rangskikking van die stof ondervind word, verdwyn egter vanaf hoofstuk 3.

Die hoofstukindeling is soos volg:

- die geskrewe woord (3);
- algemene skryfopdragte (4);
- skryfwerk in die reklame- en skakelwêreld (5);
- verbale kommunikasie (7);
- persoonlike verkope (8);
- hulpmiddels in die bedryf (9); en
- beroepsmoontlikhede (10).

In die geheel gesien slaag die skrywer daarin om 'n oorsigtelike beeld van basiese kommunikasiebeginsels deur te gee. As teksboek slaag dit egter nie. Daarvoor is die inhoud té oppervlakkig en die gebrek om die werking van die reisbedryf te verduidelik, té hinderlik.

Braam van der Vyver
Nasionale Parkeraad

Forum

DRIE STELLINGS OOR WETENSKAPLIKE FORMING

Ek wil basies drie stellings maak waarin standpunte gestel word oor wetenskaplike vorming. In akademiese kringe is daar mense wat min of meer met my standpunte sal saamstem, maar daar is ook ander wat dit met felheid sal verwerp. Die leser moet dus weet dat my standpunte plek-plek aanvegbaar is, selfs outyds is.

STELLING EEN: As die Universiteit nie daarin geslaag het om vir sy studente 'n wetenskaplike oriëntasie te gee nie, het die Universiteit misluk.

Universitêre studie gaan nie primêr oor die inprop van kennis nie. Wat u deur studie – tot op honneursvlak toe – verwerf in 'n geesteswetenskaplike rigting, is dikwels nie relevant in u beroepslewe nie. Feitekennis verweer en vervaag baie gou.

Geesteswetenskaplike vorming gaan primêr oor die vorming en verwerwing van wysheid. Dit wil studente die "houding van 'n intellektueel" aanleer.

Dit is presies die doel van studie: om wysheid te bekom en die houding van 'n intellektueel aan te leer.

Wat beteken dit?

Die geesteswetenskappe behoort die student in die volgende te slyp:

- ✘ Die intellektuele benadering van indringende dinkdisipline.
- ✘ Insig in vakke en lewensinsig, wat die werklikheid probeer begryp.

* Rede soos gelewer deur Prof de Klerk tydens 'n gradeplegtigheid van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, RAU, op 19 Mei 1992.

- ✘ 'n Sin vir sisteem, afbakening, probleem-identifisering.
- ✘ Vaardigheid in die hantering van metodes om tot geldige gevolgtrekkings te kom.
- ✘ Die vermoë van 'n kritiese ondervraging, 'n gesonde oordeelsvermoë en 'n oop gemoed om intellektueel te weeg en te meet en te pas.
- ✘ Die gewoonte om dinge in hulle samehang te sien, om in groot gehele te dink.
- ✘ Verdraagsaamheid en nederigheid. 'n Respek vir die ander standpunt.
- ✘ 'n Houding van relativisme dat die waarheid nie in een formule vasgevang kan word nie.
- ✘ 'n Respek vir die mens, vir beskaafde waardes, eerlikheid, integriteit en geregtigheid.

Hierdie houdinge wat ek genoem het, behoort die vrug van geesteswetenskaplike studie te wees. Dosente en studente moet hulself afvra of die houding van die intellektueel in die studie die fokuspunt was.

As my argumente tot dusver korrek is, kan 'n mens vier afleidings maak:

1. Mensontwikkeling of intellektuele opvoeding moet 'n prioriteit van die universiteit bly. Universiteite moet leiers kweek. Die indril van feitekennis is nie die hoofsaak nie.
2. Dosering is net so belangrik soos navorsing, want deur dosering

vorm jy mense, verskaf jy rolmodelle vir studente, slyp jy hulle deur kommunikasie en voed jy hulle op in die intellektuele benadering. Dosering maak allerlei psigiese dinamika los waardeur studente gevorm en afgerond word.

Navorsing is net so belangrik maar dit is *nie méér* belangrik as dosering nie. Die balans moet gehandhaaf word. Dosering mag nooit onderspeel word nie. Ek sê dit direk, want daar is 'n tendens om dosering na die tweede plek te verskuif en navorsing te verhef tot die een en die al.

3. Die ou ideaal van algemene vorming moet nie deur die Universiteit versmaai word nie. Beroepsvorming, spesialisasie en markgerigtheid kan nie geïgnoreer word nie, maar nooit ten koste van algemene vorming nie.
4. Die Universiteit moet nie 'n snobistiese elite word wat sy deur alleen vir die hoogsbegaafdes oopgooi nie. Geen ander naskoolse opleiding kan die kwaliteit van mensvorming bied, wat 'n universiteit kan bied nie. Die ruggraat van leierskap op alle lewensvlakke is dikwels die sestigpersenters en nie die tagtigpersenters nie. Hoë standaarde moet gehandhaaf word, maar ons mag keuringsvoorwaardes en die aanbod van ons kursusse nie buite bereik van die sestigpersenters plaas nie. As ons dit doen, gaan ons die standaarde in ons samelewing verlaag. Ons het in Suid-Afrika ook 'n "intellektuele middelklas" nodig en nie net 'n dun laag van geniale mense nie. Ons deure moet oopbly vir die sestigpersenters.

STELLING TWEE: Studie in die geesteswetenskappe is niks om voor skaam te wees nie.

Daar is 'n tendens om geesteswetenskappe te verkleineer en die natuurwetenskappe te verhef tot die messias van die mensheid. Die geesteswetenskappe het so senuweeagtig geword, dat hulle aan 'n minderwaardigheidskompleks begin ly het. Om te kompenseer, het hulle flirteer met natuurwetenskaplike metodes. Die empirisme is 'n voorbeeld hiervan. Alles moet empiries gemeet word en gekwantifiseer word deur vraelyste en meningspeilings en statistiek en wat nog nie alles nie. Oral word wetmatigheede gesoek in die menslike samelewing, want sonder ontdekking van 'n wetmatigheid, is dit dan kwansuis nie wetenskap nie. Ek verkleineer nie die empiriese metode nie, maar wel die verabsoluttering daarvan in die empirisme.

Geesteswetenskappe maak van geldige metodes gebruik, byvoorbeeld: waarneming, definiëring, indeling en klassifikasie, deduksie en induksie, analise en sintese, hipotese verifikasie, verstaan en verklaar, eksistensiële skouing, ensovoorts.

Niks om voor skaam te wees nie.

Die geesteswetenskappe werk met kernsensies van die lewe. Die dinamika van religie, etiek, kuns in al sy vorme, taal, die reg, kommunikasie, geskiedenis, die menslike psige, menslike samelewing, politiek en staat en kultuur en ekonomie en wat nog alles, is op die geesteswetenskappe se agenda. Dit werk met die diagnose, prognose en terapie van menslikheid en menslike gebrokenheid.

Geesteswetenskap is hoogs relevante wetenskap. Onmisbare wetenskap. Dit staan met albei voet midde in die huidige problematiek. Dit bied wye lense om diep en ver te kyk, binne in die gees en die siel en die gedrag en die tradisie van die menslikheid.

As u tot sover saamstem met stelling twee, is daar een afleiding: In die ge-

dwonge rasionalisasie-proses van universiteite om die boeke te laat klop, moet die geesteswetenskappe nie slagoffer word nie. Afskaling van die geesteswetenskappe kan by 'n grens kom waar jy die universiteit beskuldig en verskraal. Protes teen dié tendens moet sterk verwoord word.

STELLING DRIE: Die geesteswetenskappe sal moet herstruktureer om staande te bly en om sy noodsaaklike diens te lewer.

Aspekte wat ek in dié verband wil onderstreep:

1. Deur 'n herrangskikking van kursusse, kursusseuses en kursuspakkette kan dié dissiplines wat in die krisis van rasionalisasie verkeer, in stand gehou word.
2. Interdissiplinêre werkswyse kan verrykend wees. Ook dit kan 'n tweede lewe skenk aan dissiplines wat in die moeilikheid is. Die kommunikasie-dissipline byvoorbeeld, kan interdissiplinêr baie vrugbaar met filosofie, antropologie, taalkunde, ekonomie en staatsleer saamwerk. Die netwerke van interdissiplinêre samewerking kan die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte net ten goede kom.
3. Nog 'n herstrukturering kan interdissiplinêre gerigte en selfs inter-universitêre navorsing wees wat fokus op Suid-Afrika se huidige problematiek. Die probleme van Suid-Afrika op hierdie stadium, kan die agenda vir geesteswetenskaplike navorsing wees.

Daar is 'n geleentheid vir die geesteswetenskappe om buitengewoon te presteer in die volgende navorsingsprojekte:

- ✕ Ons interkulturele situasie en kommunikasie
- ✕ Die dinamika van verstedeliking

- ✕ Die onderwyskrisis
- ✕ Gemeenskapsontwikkeling
- ✕ Die onderhandelingsproses
- ✕ Die ekonomiese stelsel
- ✕ Politieke demokratisering
- ✕ Arbeidsproblematiek
- ✕ Die reg in die nuwe Suid-Afrika
- ✕ Psigiese patologie wat met ons oorgangssituasie gepaard gaan.
- ✕ En nog baie meer.

Die geesteswetenskaplike navorsing kan 'n opheldering gee van die probleme op al die terreine wat ek genoem het en moontlike oplossings aanbied.

Die vraag is of die geesteswetenskap in Suid-Afrika op en wakker genoeg is om die geleentheid te benut?

PROF WILLEM DE KLERK, RAU

OPEN LETTER IN RESPONSE TO "MISNOMERS OF THE BLACK MARKET"

I refer to "Misnomers of the Black market", Forum p 79 in the last issue of Communicare [Vol 10(2)].

For the record I would like to point out to Mr Wiseman Manquba Ntombela that I was the editor of the book *Marketing Communications Management* published in 1987. Although I personally contributed approximately 40% of the material, Mr Ntombela, as an Honours student should be able to see which author's name is appropriate to which section of each chapter.

The contributors to the book were all experienced researchers and advertising executives reporting research conducted by such well known companies like The Bureau of Market Research, Markinor, Bates Wells, Market Re-

search Africa, Mortimer Tiley etcetera. Their findings have been accepted and used for years and years.

It now appears that we have a new breed of researchers emerging in the 90's (Mr Ntombela, Mr Nkomo and Mr Mzinyathi) with different views. I think I can speak on behalf of the entire marketing and advertising fraternity when I say that we would love to see your re-

search and your findings regarding these critical issues (eg. segmentation, lifestyles, perceptions, attitudes etcetera). Maybe you could publish them in *Communicare*?

PROF LUDI KOEKEMOER
CHAIRMAN, DEPARTMENT OF BUSINESS MANAGEMENT
RAU

Die Laaste Woord

Oor 'n Toekomstige Talebestel*

Elize Botha

My invitation to take part in this debate was formulated more or less bilingually; I will respond in a more or less bilingual fashion. In these days of rapprochement and rediscovery, where all those dwelling in this land have been set free to get to know one another anew, St Paul's first letter to the Corinthians, the well-known Chapter 13, may be foremost in one's mind. Not only are we in constant need of love, love as charity, on our approach of one another; we need the tongues of men and of angels in our multilingual country, to be able to share meaningfully our perspectives on our hopes for our experience of a common horizon ("horizon" rather than "destiny").

And talking, reasoning together, has become vitally important – manifestly so, in the creation of numerous forums, of which Codesa is certainly the most auspicious.

But how, through what medium, shall we reason together, how are we to make sense to one another? Are we to experience the multilingualism of our land as the curse of Babel, or as a Pentecostal, miraculous blessing?

Fortunately, the debate on a language dispensation is increasingly being conducted in a spirit of *acceptance*: of diversity as richness, as a gift. How else, for are we not dealing, in our talking about language, with the human use of human beings? In these deliberations on language it is of the utmost



Prof Elize Botha is hoogleraar in Afrikaans-Nederlands aan UNISA en voormalige voorsiter (1989-1991) van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

importance to honour man's uniqueness, the irreplaceable worth of each human creature.

Die talegesprek van die afgelope twee jaar, vir sover dit – om mee te begin – in akademiese geleedere gevoer is, het dan ook al hoe meer genuanseerd geword. Dit hang ten nouste saam met die groter ruimte wat daar vir gespreksvoering geskep is – om dit gewoon te stel: hoe beter ons mekaar leer ken, hoe meer ons van mekaar te wete kom, hoe meer fasette vertoon die talebestel. En ek dink 'n mens kan voorspel dat die versnelde prosesse van

* Bydrae tot 'n paneelbespreking: "Perspectives on a future language policy", tydens die "Vrye Weekblad/Idasa Cultural Debate Series", Johannesburg, 10 Maart 1992. Die ander deelnemers was Dr Neville Alexander, Director, National Language Project, en Qedusizi Buthelezi, Co-ordinator, ANC Language Commission.

verandering waardeur die Suid-Afrikaanse samelewing tans beweeg, beduidende invloed op die talebestel in die algemeen, en op individuele tale gaan hê. Die verhoogde, hernieude wisselwerking tussen sprekers wat vroeër van mekaar afgesonder was, sal mettertyd weerspieël word in hul taalgebruik.

Ek verwyf doelbewus by aspekte van verskeidenheid en veranderlikheid in ons Suid-Afrikaanse talebestel, omdat dit dwingende werklikhede is in 'n debat oor taalbeleid. Die vloeibaarheid en veelkantigheid van die situasie noodsaak 'n groot openheid by gesprekvoerdere vanuit hulle verskillende posisies, 'n soepelheid en aanpasbaarheid – kortom, veel geduld en groot gevoeligheid vir mekaar se standpunte: 'n gesindheid van *akkommodasie*.

One's own awareness of diversity and fluidity in our land of many tongues is simultaneously an awareness of growth, of dynamism. And having articulated this awareness, I propose to concentrate on the case for Afrikaans, firstly from the point of view of its contribution to effective communication in the broader community.

At this point, a few statistics are indispensable to the argument, however dusty they seem to be already.

Afrikaans is regarded as "mother tongue" by approximately 5 million South Africans.

But: at least 13 million South Africans can speak and understand Afrikaans, amounting to approximately 44% of the population. This means a shared space for communication; it means among other things, mobility in the economy for its speakers.

These speakers of Afrikaans are not concentrated in certain areas, but form a network of greater and lesser density across the country, in urban as well as rural regions. Furthermore, Afrikaans is used with high frequency in a great

variety of professions, in a great variety of working places. IJ van der Merwe, in an article on "The geography of the Afrikaans language in South Africa" (1989) sums up the position as follows, as far as mother tongue speakers are concerned: "It would appear at a very generalized basis that the Afrikaans-speaking population, because of its particular demographic and socio-economic profile, forms a distinctive cultural community in South Africa, *transcending ethnic barriers*" (1989:93 – my onderstreping). If the frequency of the use of Afrikaans outside this community of mother tongue speakers is taken into account, this particularly "transcendent" quality of Afrikaans become seven more apparent.

☒ Watter waarde het dit, vir die Afrikaanssprekende, hetsy moedertaal- spreker, hetsy tweede- of derdetaalspreker, dat hy/sy juis *Afrikaans* praat?

Dit is 'n taal wat deur die inspanning en skeppende vermoëns van al sy sprekers deur drie eeue heen van bestaan op hierdie stuk Afrika, *gegroeï* het tot 'n instrument waarmee die hedendaagse Afrikaanssprekende sy ganse eksistensie kan omvat, probeer uitsê, probeer deurgrond.

Laat ek dit minder retories, meer realisties probeer stel: Afrikaans kan gebruik word in al die funksies wat deur taal in 'n gemeenskap vervul word. Dit het 'n uitgebreide vakterminologie wat alle profesies en vaardighede omvat. Dit is 'n gesofistikeerde wetenskapstaal. Deur Afrikaans kry sy spreker toegang tot alle juridiese en administratiewe prosesse in die land. Deur Afrikaans kan sy spreker onderrig ontvang tot die hoogste akademiese vlak. Deur Afrikaans kan sy spreker kommunikeer met miljoene, in alle streke van die land. En omdat die Europese verlede van Afrikaans nog lewend is in sy struktuur, in sy fynste weefsel, kan die spreker van Afrikaans homself ver-

staanbaar maak by nog méer miljoene van sy Europese taalgenote.

Ook tussen kontinente is Afrikaans 'n grensoorskryder, "a transcender of barriers".

☒ If we look at Afrikaans from the point of view of the reader, Afrikaans fulfils the function of a "language of record", in a special and applied sense of this phrase. Through its extensive written literature it presents a record of centuries of South African history: history viewed by means of imagination. And the literary imagination records the individual human condition, reports on patterns of human behaviour, of man's life among men, the best and the worst of it. The reader of Afrikaans literature shares this record, which, through the talents of its authors, has become, in many respects, a world literature.

As in the everyday use of the language, there is space to live, move and have one's being, in Afrikaans literature.

I have tried to put the case for Afrikaans from the point of view of its speakers; I have tried to explain to which degree the speakers of Afrikaans are empowered by their use of the language, empowered on an everyday human live, as "n ou tussen ouens".

"n Ou sal altyd 'n ou wees tussen ouens"; hoe wyd versprei is hierdie segswyse tussen die inheemse tale van Suid-Afrika! Ek het dit vir die eerste keer leer ken in GH Franz se roman *Moeder Poulin* (1946): "'n Mens is 'n mens deur mense", lui dit daar, soos 'n refrein deur die boek; 'n oorsetting uit die idiole van die waarskynlik Noord-Sotho-sprekende hoofkarakter. Dié bemagtiging wat Afrikaans as voertaal vir sy sprekers besorg, is geen gemanipuleerde bevoorregting van 'n klein minderheid nie, maar is die resultaat van

groei wat plaasgevind het in die wisselwerking tussen mense. En hierdie groei het in die twintigste eeu in al die belangrike inheemse tale van Suid-Afrika plaasgevind, waar hierdie tale toenemende meerdere funksies verwerf het: waar beduidende literatuur ontwikkel het, onder meer; toereikende moderne vaktaal verwerf is.

"African literature must be made to develop to its full potential so as to claim its legitimate place in the modern culture of Africa. And its only claim on this kind of legitimacy can come from its original African quality and from its relevance to contemporary African significance ... There are numerous works written in the vernacular language which touch the very core of the life of the Black man", sê prof SM Serudu in sy Unisa-intreerede (1991:7, 16).

'n Nuwe konsep van geleterdheid is nodig om voluit mens tussen mense te wees in hierdie land:

soveel tale als ik kan
soveel male is ik man

Daar moet gebou word aan *intertalige geleterdheid* by 'n nuwe generasie: dit is 'n opdrag vir vernuwung in die onder- rig van tale in die onderwysstelsel van die toekoms: "interlingual literacy" for a new generation.

'n Taalbeleid in 'n toekomstige staatkundige bedeling sal uiteindelik vir alle tale van hierdie land deur politieke beleidmakers vasgelê word. Maar ons almal wat deur ons werk aan taal en literatuur verbonde is, en daarom hoogs gevoelig is vir die wyse waarop taal ten diepste met die menslikheid, dit wil sê die sterflikheid én die onsterflikheid van die mens verweef is, moet sorg dat daar kundige keuses uitgeoefen word deur onderhandelaars en beleidmakers. Die groei van tale tot bemagtiging van hul sprekers wat reeds plaasgevind het, mag nie gestuit word nie; die baie tonge wat praat, elk in sy eie taal as Pinkstergawe, mag nie misken word nie. Daar is geen maklike, pragmatiese oplossing as ons hierdie

rykdom wil laat groei en wil bestendig nie.

- There can be no simple, pragmatically engineered solution to the problem of a language policy for a future South Africa. For a simple solution will be an inhuman solution, not taking into account the multiple and diverse

facet of this essentially human phenomenon.

Bronnelys

Serudu, SM. 1991. *The African literature critic - Past, present and future*. Pretoria: Unisa.

Van der Merwe, JJ. 1989. The geography of the Afrikaans language in South Africa. (*South African Geographical Journal*, Vol 71:2, 89-93).

Announcement

SEMINAR

A one-day seminar on **Communication interactions in popular culture/Kommunikasie-interaksies in die populêre kultuur** will be held at the Rand Afrikaans University on Friday, August 14, 1992. Six speakers will discuss a variety of related subjects, including the TV soap opera, the pop video, masculinity, graffiti and posters, among others. The names of those addressing the seminar and a full list of categories will be announced in due course. Registration fees, including light refreshments and lunch, are R45-00 for members of the public and R25-00 for SACOMM members. Further particulars from Stephan Bouwer on 011-489 2139 (office hours).

Aankondiging

SEMINAAR

'n Eendag-seminaar oor **Kommunikasie-interaksies in die populêre kultuur/Communication interactions in popular culture** word op Vrydag 14 Augustus 1992 by die Randse Afrikaanse Universiteit aangebied. Ses sprekers sal uiteenlopende onderwerpe soos die TV-strooisage, pop-video's, manlikheid, graffiti, plakkaatkuns ensomeer onder die loep neem. Die sprekers en die volledige program sal later bekend gemaak word. Die registrasiefooi (waarby verversings en middagete ingesluit word) is R25-00 vir SAKOMM-ledes en R45-00 vir die publiek. Nadere besonderhede van Stephan Bouwer, 011-489 2139 (kantoorure).

GUIDELINES FOR SUBMISSION OF ARTICLES ON COMPUTER DISK

1. Hardware

- You are requested to submit your article on floppy disk in either 360kb or 1.2mb format.
- The floppy disk should be formatted under DOS 3.x
- The computer on which you prepare the article should be 100% IBM compatible. We are not able to process disks used on other types of equipment.
- Please ensure that the disk is mailed in a hard plastic container. These are readily available from computer media shops and larger news agencies.

Failure to comply with the above means that we cannot use the disk, which necessitates retyping of the article.

2. Software

- The request to submit your article in standard ASCII still applies. If the software you use does not allow you to save or translate to standard ASCII, you can try to print the article to disk of file instead of the printer (print to file/print to disk).
- If neither of the above are possible, please use one of the following wordprocessing packages, and indicate clearly which one was used.

| | | |
|-----------------|------------------------|-----------------|
| MS Word 4 | MS Word 5 | |
| Wordperfect 4.2 | Wordperfect 5 | Wordperfect 5.1 |
| Wordstar 3.4 | Wordstar 4 | Wordstar 5.5 |
| Wordstar 20000 | Multimate Advantage II | Multimate 3.6 |

RIGLYNE VIR DIE INDIENING VAN ARTIKELS OF REKENAARSDISKET

1. Apparaatuur

- U word versoek om die artikel op sagte disket (floppy) in 360kb of 1.2mb te plaas.
- Die disket moet op DOS 3.x op later geformateer wees. Ons is nie in staat om diskette wat op ander tipes toerusting gebruik word, in te lees nie.
- Maak asseblief seker dat die disket in 'n harde plastiekhouer versend word. Sulke houers is gereedelik beskikbaar by rekenaar mediawinkels en groter nuusagentskappe.

Wanneer die bostaande nie nagekom word nie, kan ons nie die disket gebruik nie, wat beteken dat u artikel oorgetik moet word.

2. Programmatuur

- Die versoek is steeds dat u vir ons u artikel in gewone SACII formaat laat kry. Indien die program wat u gebruik u nie in staat stel om direk in gewone (standard) ASCII formaat te stoor of om te skakel nie, kan u probeer om direk na die disket te druk (print to file/print to disk).
- Indien u nie een van die bostaande kan nakom nie, word u versoek om die artikel in een van die volgende pakette voor te berei en duidelik aan te dui welke een u gebruik het.

| | | |
|-----------------|------------------------|-----------------|
| MS Word 4 | MS Word 5 | |
| Wordperfect 4.2 | Wordperfect 5 | Wordperfect 5.1 |
| Wordstar 3.4 | Wordstar 4 | Wordstar 5.5 |
| Wordstar 20000 | Multimate Advantage II | Multimate 3.6 |